# Proefskrifbespreking

Du Plooy, A le R – Van Wyk, B J 1989. *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* ........ 839-844

# Boekbesprekings

Beukes, A P J – Burger, C W, Müller, B A & Smit, D J (reds) 1990. *Riglyne vir prediking oor vrede* ........ 845-847

Beukes, M J du P – De Klerk, J J (red) 1990. *Die diens van barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk ('n diakonologiese studie)* ........ 848-851

Botes, H J – Holthaus, S 1990. *Madame Blavatsky und die Theosophische Gesellschaft: Die Sphinx des Okkultismes* ........ 851-852

Botma, M A – Best, T F (ed) 1990. *The commission meeting at Budapest 1989.* (Faith and Order 1985-1989 paper 148.) ........ 852-854

De Beer, W C M – Van der Walt, B J 1989. *Reformasie op viersprong: Pasmarkeerders, loodvoetiges, brandstigters of ligdraers?* ........ 854-855

Dreyer, T F J – Lerle, E 1989. *Kontakstark verkündigen: Grundzüge Bibeltreuer Predigt* ........ 855-857

Engelbrecht, E – Burger, C W, Müller, B A & Smit, D J (reds) 1990. *Riglyne vir prediking oor die bergrede* ........ 857-859

Heyns, J A – Potgieter, F J M 1990. *Kerk en samelewing – 'n wesenskou* ........ 859-862

Labuschagne, J P – Kinghorn, J, Lategan, B C & Van der Merwe, C F (eds) 1989. *Into Africa: Afrikaners in Africa reflect on 'coming home'* ........ 862-865

Labuschagne, J P – Vorster, W S (red) 1990. *Morality at the marketplace* ........ 865-867

Naudé, R M – Crafford, D 1990. *Uitdagings vir die kerk in Afrika* ........ 867-869

Smith, D J – *Baptism, eucharist and ministry 1982-1990: Report on the process and responses* 1990. (Faith and Order paper 149.) ........ 869-871

Storm, J M G – Olivier, S P 1990. *Fokus op Gelofte* ........ 871-873

Van Biljon, J A – De Villiers, P G R (ed) 1989. *The Bible and stress* .. 873-874

Van der Westhuizen, H G – Kirk, J A 1990. *Liberation theology in brief* ........ 874-876

Van Wyk, D J C – Kritzinger, J N J & Saayman, W A 1990. *Mission in creative tension: A dialogue with David Bosch* ........ 876-882

Van Wyk, D J C – Pass, D B 1990. *Music and the church: A theology of church music* ........ 882-884
Van Wyk, D J C – Van Elderen, M 1990. *Introducing the World Council of Churches* ........ 884-887
Vledder, E J – Castro, E (comp) 1990. *To the wind of God's Spirit: Reflections on the Canberra theme* ........ 887-892
Vosloo, W – Helberg, J L 1990. *Die verbondsvolk se verhouding tot sy land* ........ 892-895

# Proefskrifbespreking

Van Wyk, B J 1989 – Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof A D Pont

Resensent: Prof A le R du Plooy

ALGEMENE OPMERKINGS

Ek het die proefskrif met belangstelling gelees en het in die geheel groot waardering vir die omvattende taak wat die promovendus aangepak het en vir die volume navorsing wat gedoen is. My waardering gaan veral daaroor dat dr Van Wyk deurgaans daaraan wil vashou dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is, en dat die kerkregering niks anders mag wees as Christusregering nie.

Dit is van die eerste tot die laaste sin baie duidelik dat die promovendus nie net vanuit 'n besondere liefde vir die Nederduitsch Hervormde Kerk geskryf het nie, maar uiters sterk en soms selfs kritiekloos op standpunte in die tradisie van die Hervormde Kerk in Nederland en Suid-Afrika gesteun het, veral op dié van sy promotor. Dit beteken nie dat die skrywer nie kritiek het teen bepaalde reste van die genootskapsreg wat vanuit die 1816-Reglement nog oorgebly het nie, soos hy dit immers self dikwels stel. Maar in sy kritiek steun hy sterk op tradisionele standpunte van die Hervormde Kerk in Nederland en Suid-Afrika.

Op sigself kan dit begryp word, hoewel daar sekerlik verwag kon word dat die titel ook ruimte gee vir minstens 'n dieper en dikwels meer genuanseerde bespreking van ander standpunte wat ook 'n presbiteriale kerkregeringstelsel onderskryf. Hier verwys ek byvoorbeeld na die ongenuanseerde onderskeid tussen die twee modaliteite 'volkskerk' en 'vryekerk' en na die mening dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afika dieselfde standpunt ten opsigte van die begrip 'kerkverband' handhaaf (bl 55).

In my bespreking en kritiese opmerkings wil ek nie graag afbreuk doen aan die groot bydrae tot die studie van die vak Kerkreg wat in die proefskrif gelewer is nie. Juis omdat dit egter die agtergrond, standpunte en binnewerkinge van veral die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika eerlik en openlik na vore bring, is dit in meer as een opsig prikkelend om daarop te reageer. Uiteraard moet ek my beperk tot enkele hooflyne en kanttekeninge.

## METODOLOGIE

Uit metodologiese oogpunt beskou, vind ek dit 'n leemte dat die promovendus nie in sy eerste hoofstuk 'n meer omlynde doelstelling, probleemstelling en afbakening gegee het nie. Dit word wel duidelik wat die doelstelling is, naamlik om die belangrikste beginsels van die presbiteriaal-sinodale orde aan te dui (bl 7), maar dit op sigself is 'n omvattende taak. Dit word myns insiens ook die oorsaak van die probleem, naamlik dat die geweldige veld wat gedek word, onmoontlik in diepte bespreek kon word.

Metodologies is die aksiomatiese aanvaarding van die gedagte dat Calvyn die vader van die presbiteriaal-sinodale kerklike orde genoem word, problematies (bl 5, 6, 15, 77 ens). Is dit nie so dat daar sedert Calvyn, naas 'n ontwikkeling, ook 'n aksentverskuiwing gekom het nie?

Die begrip 'presbiteriaal-sinodaal' word nooit werklik krities bekyk nie, maar slegs positief waardeer, deur byvoorbeeld te stel dat 'presbiteriaal' teenoor 'hiërargie' en 'sinodaal' teenoor 'independentisme' staan (bl 220). Verder word volstaan met verwysings na teoloë wat die begrip geyk het. Dit is myns insiens 'n legitieme vraag of hierdie koppelteken-begrip nie die oorsaak van 'n dualisme is nie. Dit is tog nie beide die kerkraad en die sinode wat regeer nie. Die een regering van Jesus Christus word immers *in* 'n kerk(raad) en *in* meerdere vergaderinge bedien. Die skrywer ontkom nie aan die dualisme nie, want hoewel dit die standpunt van die skrywer is dat die kerk slegs in die plaaslike gemeentes gestalte kry (bl 23), maak hy ook die stelling dat die ringe *oor* die gemeentes en dat die Algemene Kerkvergadering *oor* die gemeentes en ringe regeer (bl 284, 286). Vanaf bladsy 295-303 bevestig die skrywer in sy evaluering hierdie probleem van 'n bipolêre spanning tussen gemeentes en meerdere vergaderings.

Aangesien die vertrekpunte in 'n wetenskaplike studie soos hierdie metodologies uiters belangrik is, verdien die volgende stelling nadere aandag: 'Die Bybelse gefundeerdheid van die orde word as vertrekpunt aanvaar. Daarom is daar nie 'n poging aangewend om die orde eksegeties te verantwoord nie aangesien A. J. Bronkhorst dit reeds gedoen het' (bl 7). Dit is te meer opvallend wanneer in gedagte gehou word dat die Woord van God as fundament vir die kerkbegrip beklemtoon woord (bl 13vv). Volgens die titel van die proefskrif kan verwag word dat indringend en verantwoordend na die kerkbegrip gekyk sou word. Die kerkbegrip waarmee die skrywer self opereer, word ook nêrens Skriftuurlik verantwoord nie. Op bladsy 28 (vgl ook bl 75) stel hy dit self dat die kerkbegrip die resultaat is van grondige studie van die

Skrif. Daar word dus volstaan met die verwysing na Bronkhorst. Sou dit nie raadsaam wees as daar in hierdie opsig meer direk na die Skrif as primêre bron gekyk is nie? Daar het tog sedert 1947 toe Bronkhorst se werk verskyn het, ook ander bronne oor die kerkbegrip en kerklike orde na vore gekom!

'n Verdere aspek wat metodologiese vrae by die leser laat ontstaan, is die skrywer se siening van die presiese verband tussen Skrif, belydenis en kerkorde. In baie opsigte kan instemming met hom betuig word (vgl bl 28). Die probleem is egter dat dit wil voorkom of die skrywer nie konsekwent op een standpunt staan nie: Vanaf bladsy 28 tot 44 lyk dit soms asof die skrywer 'n noue verband tussen Skrif, belydenis en kerkorde sien, maar op bladsy 41 word weer gestel dat die belydenis nooit die basis van die kerkorde kan wees nie. Dat daar onderskeidinge moet wees, spreek vanself, maar neig die skrywer nie soms na 'n skeiding tussen Skrif, belydenis en kerkorde nie?

Die stelling op bladsy 36 dat die belydenis nooit die basis kan wees waarop die kerk in die lewe geroep word nie, bots nie net met 'n stelling op bladsy 33 nie ('Tog lê die wese van die kerk opgesluit in die belydenis van die kerk....'), maar is inderdaad problematies. Matteus 16:13-20 laat blyk die teendeel, naamlik dat belydenis en kerk onafskeidbaar aan mekaar verbind is. Die belydenis is nie eensydig die produk van die kerk nie, maar ontstaan deur die inwerking en leiding van die Gees en die Woord.

## INHOUD

In die geheel gesien, lewer die proefskrif 'n goeie bydrae ten opsigte van die agtergrond van die Dordtse kerkorde, van die 1816-Reglement en van die kerkordes van die Hervormde Kerk in Nederland en Suid-Afrika in 1951. Dit dui ook met goeie insig aan wat die invloed was van die Skolastiek, Nadere Reformasie en Verligting op kerkregtelike denke.

In hierdie verband kan gevra word of die kerkorde van De Mist (1804) nie ook onder die lys van indringende kerkordelike besprekings moes kom nie, omdat daar 'n besondere noue verband tussen 1804 en 1816 bestaan.

Die gedeelte oor die Kerkwet in hoofstuk ses bied 'n belangrike en kritiese oorsig oor die *status quo* in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die probleem is weer eens die volume sake wat aan die orde gestel word. Oor heelwat sake sou afsonderlik proefskrifte geskryf kon word. Die gevolg hiervan is dat die wyse van behandeling en die afwesigheid van diskussievoering met ander menings of standpunte die leser ietwat onvergenoegd laat.

Vervolgens maak ek enkele kritiese opmerkings oor bepaalde aspek-

te rondom die inhoud en standpunte van die promovendus.

In hoofstuk drie word die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip aan die orde gestel, en dit tref dadelik dat bronne wat ander standpunte as die skrywer huldig, skraal aangewend word. Sou dit, wetenskaplik gesien, nie die standaard van die proefskrif gedien het as daar in diskussie met die proefskrif van dr G P L van der Linde getree is nie? Dit handel oor 'n aanverwante onderwerp, naamlik oor die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Daarom vind ek dit 'n eensydigheid of 'n leemte wanneer die skrywer in sy bespreking van die pilare van die presbiteriaal-sinodale sisteem (bl 89) so weinig skryf oor die selfstandigheid of kompleetheid van die plaaslike kerk en dit selfs nie eens as een van die pilare beskou nie. In die konteks van die presbiteriale kerkregering is dit ook vreemd om te stel dat aksent op die kompleetheid van die plaaslike kerk outonomiteit beteken (bl 91, 177, 180).

In die gedeelte wat oor die meerdere vergaderings handel, word die 'vergaderings van die ampte' (bl 103vv) genoem. Hier ondervind ek 'n soortgelyke probleem as wat hierbo gestel is: Wanneer oor die Dordtse kerkorde gehandel word, kan moeilik gestel word dat 'n klassis byvoorbeeld slegs 'n vergadering van ampte is. Artikel 41 van die Dordtse kerkorde gee 'n ander defmisie van 'n klassis: Dit is naamlik 'n vergadering van naburige kerke waarheen persone in die regeerampte afgevaardig word. Dit is jammer dat die skrywer nie die wesenskenmerke van 'n meerdere vergadering krities bespreek en in diskussie tree met ander standpunte nie.

Die probleem waarmee die skrywer later (bl 254-262) worstel sou moontlik opgelos kon wees as aan die presbiteriale kerkregering vasgehou was, naamlik dat dit eerstens plaaslike kerke is wat in 'n meerdere vergadering saamkom en dat elkeen deur middel van sy regeerampte daar teenwoordig is.

Die wese en samestelling van 'n meerdere vergadering en die verhouding met die plaaslike kerk waarin daar vandag volgens die skrywer 'n aantasting van die kompleetheid van die plaaslike kerk te bespeur is (bl 295-296), is moontlik juis toe te skryf aan 'n dualistiese kerkbegrip en aan die feit dat die Algemene Kerkvergadering 'n kerkraadsinode is. Tog sê die skrywer (tereg) dat die meerdere vergadering nie die kerk is nie (bl 283).

In hoofstuk vier kom onder meer die vraag aan die orde of en wanneer 'n bepaalde kerk of 'n aantal kerke in geloofsgemeenskap van ander mag afskei, soos in 1834 en 1886. Die saak is miskien meer gekompliseerd as wat die skrywer laat blyk (bl 149).

Die kritiese opmerkings op bladsy 178-181 skep die indruk van geforseerdheid, veral waar 'n moontlikheid gestel word om die sogenaamde vryekerk met die Kollegialisme te assosieer. Dit word ook nie beredeneer waarom die belydenis nie onder meer as akkoord van kerklike gemeenskap in die sogenaamde vryekerk mag funksioneer nie. Wat anders bind byvoorbeeld die gemeentes van die Hervormde Kerk saam? Is dit nie die gemeenskaplike geloofsbelydenis van die verbondsvolk van God nie?

Die prominensie wat die Volkskerk ontvang, is vanuit die hoek van die skrywer begryplik, en in die algemeen word dit goed verduidelik wat die agtergrond en inhoud van dié boek behels. Ek het egter die indruk dat die laaste opmerkings nog nie oor die begrip 'volkskerk' hiermee gemaak is nie. Wanneer die aksent daarop gelê word dat die kerk van Jesus Christus en die volke en nasies nie van mekaar losgemaak kan word nie en dat die kerk veral ook volksgerig sy roeping moet volbring, is dit 'n vraag of die kerk juis volkskerk moet beet om dit te beklemtoon. Is dit nie eerder waar dat daar 'n veel nouer en hegter verband is tussen die koninkryk van God en die kerk nie? Die visie van Calvyn op hierdie verbondenheid tussen koninkryk en kerk, sonder om die twee begrippe met mekaar volledig te identifiseer, kon met vrug van naderby bekyk word.

Miskien is dit gepas om hierby ook te verwys na die aandag wat 'koninkryk' en 'kerk' in hoofstuk ses (bl 333vv) ontvang. Die skrywer bring op bladsy 215 hierdie saak ook in direkte verband met die onderskeid van die kerk as strydende en triomferende kerk (vgl ook bl 8). Die stelling op bladsy 215 dat die kerk nooit self die realisering van die koninkryk is nie, asook die bewering op bladsy 334 dat die kerk ook nie teken van die koninkryk is nie, is na my mening nie waar nie. Calvyn en algemene gereformeerde denke verskil grootliks hiervan. Dit is wel waar dat die kerk nie die volkome realisering van die koninkryk op aarde is nie, maar dit is ook waar dat die kerk reeds die voorhoede (al is dit nog onvolkome) daarvan is, dat dit eerder oorweeg kan word om die kerk 'koninkrykskerk' as 'volkskerk' te noem. Die toekoms van die kerk is nie te vind in die triomferende kerk nie, maar in die koninkryk wat reeds in die persoon, woorde en werke van Jesus Christus gekom het, besig is om te kom waar sy Gees en Woord geloof en gehoorsaamheid aan Christus bewerk, en ook met die voleinding in heerlikheid sal kom.

Die siening dat die volkskerk en die vryekerk legitieme modaliteite (bl 195) in die presbiteriaal-sinodale stelsel genoem word, en die verwysing na die bestaan van verskillende modaliteite onder een kerkregtelike

sambreel by die Nederlandse Hervormde Kerk (bl 212), lei tot die vraag of die skrywer dit volkome onderskryf dat die kerk van Jesus Christus in 'modaliteite' opgebreek kan word. Dit sou moontlik goed gewees het indien die skrywer hierdie saak verder uitgewerk het en in verband gebring het met wesenseienskappe van die kerk asook met die beginsel van ordelikheid in die kerk van Jesus Christus.

Artikel III van die Kerkwet kry tereg aandag in die proefskrif (bl 335vv). Vanweë die omvang van onderwerpe wat in behandeling is, sou dit onregverdig wees om te verwag dat hieroor nog indringender geskryf is. Tog bevredig die beredenering nie heeltemal nie, omdat die indruk geskep word dat die skrywer die probleem grootliks rasionaliseer en uiteindelik volstaan met die standpunt van die Algemene Kerkvergadering.

## WAARDERING

Die kritiese opmerkings hierbo onderstreep die aktualiteit van die proefskrif en is bedoel vir verdere nadenke en besinning. Die ruimte ontbreek om op vele ander aspekte en stellings van die skrywer te attendeer. Tog is ek daarvan oortuig dat die studie namate dit in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk en in ander reformatoriese kerke gelees word, as 'n belangrike bydrae beskou sou word en vir baie as 'n stimulus sal dien om waarderend en krities te reageer.

Die skrywer het inderdaad relevante probleme aangeraak en 'n wye literatuurstudie gedoen. Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk behoort dit veral 'n insiggewende studie te wees. Indien dit 'n meer beperkte of meer toegespitste studie was, sou daar sekerlik ook op meer indringende wyse van ander standpunte kennis geneem gewees het.

## ORTOGRAFIESE INRIGTING

Sover bekend is die proefskrif nog nie gepubliseer nie. Indien dit oorweeg word, sou ek aanbeveel dat dit nogeens taalkundig nagegaan word. Ek het dit nie met die oog daarop noukeurig gelees nie, maar tog op heelwat spelfoute afgekom: *Die* in plaas van *dit* op bladsy 31; *appel* in plaas van *appèl* op dieselfde bladsy; dikwels *vereeniging* in plaas van *vereniging* (bv bl 44, 49); *folosofiese* in plaas van *filosofiese* op bladsy 120; *opostolisch* in plaas van *apostolisch* op bladsy 221; *sittinsreg* in plaas van *sittingsreg* op bladsy 287; *meedeverantwoordelikheid* in plaas van *medeverantwoordelikheid* op bladsy 350.

# Boekbesprekings

Burger, C W, Muller, B A & Smit D J (reds) 1990 – Riglyne vir prediking oor vrede (Woord teen die lig 3/1)

Kempton Park: Lux Verbi. 318 bladsye. Prys R47.85

Resensent: Ds A P J Beukes

INLEIDING

Hierdie dertigtal preeksketse oor die vredestema verskyn in 'n tyd waarin geweld en vrede aan die orde van die dag is. Die redaksie vermeld dit ook in die voorwoord dat daar tans op verskillende terreine vredesinisiatiewe aan die gang is. Hierdie boek is dus uiters aktueel. Die boek is bedoel om as riglyn te dien vir die prediking oor vrede. Die feit dat 'n hele klomp medewerkers hieraan deelgehad het, maak dat uiteenlopende ervarings en perspektiewe na vore kom.

Dit is vir die gebruiker van die boek belangrik om in gedagte te hou dat die boek en die hele reeks sy ontstaan te danke het aan teoloë van die NG Sendingkerk. Hoewel die medewerkers uit verskillende teologiese sfere kom, is die oorheersende sosiopolitieke raamwerk dié van die lidmate van die NGSK.

UITGANGSPUNTE

In die inleidingsartikel word gestel dat prediking oor vrede aktueel is, omdat vrede en die bedreiging daarvan een van die sentrale temas van die Bybel is. Dit maak ook deel uit van die geskiedenis van die mens oor alle tye heen. Die geskiedenis van die mens word in 'n groot mate gekenmerk deur oorlog en konflik en die mens se onblusbare strewe na vrede.

In Suid-Afrika is daar reeds dekades 'n stryd tussen die regering en swart politieke organisasies. Alle Suid-Afrikaners het al in 'n mate die nadelige gevolge van hierdie konflik aan die lyf ervaar.

Die vertrekpunt om die Bybelse boodskap oor vrede te verstaan, moet in die Ou-Testamentiese begrip 'sjalom' gesoek word. Die vrede wat deur Jesus Christus bewerkstellig is, is niks anders nie as die *sjalom* waarna die profete van die Ou Testament uitgesien het.

Hierdie *sjalom* is veel meer as 'n toestand. Dit moet ruimtelik gesien word en nie bloot tot 'n innerlike toestand van sielerus gereduseer word nie. Dit spreek al die fasette van bestaan aan. Dit moet harmonie tussen mens en mens, mens en natuur, asook harmonie in die natuur self tot stand bring.

Hiervoor word daar deur D E de Villiers in sy inleidingsartikel twee voorwaardes gestel. Volgens die Ou Testament (Jes 32:15vv) is daar 'n onlosmaaklike verband tussen vrede en geregtigheid.

Daar kan nie sprake van vrede wees as daar mense is wat gebrek ly of uitgebuit en verdruk word nie. Die tweede voorwaarde is dat blywende vrede alleen deur liefde bewerkstellig word. Die geskiedenis leer dat militêre oorwinnings dikwels die kiem van hulle eie ondergang dra.

Dit is belangrik dat, met die oog op die prediking, die direkte toepassing van vredestekste sonder enige situasie-analise ongeoorloof is. Daar kan nie 'n direkte verband gelê word tussen 'n Bybelse toestand en 'n toestand van vandag nie. Die gevaar bestaan dat 'n mens in 'n konfliksituasie eensydige beoordelings kan bied. Die voorbeeld wat in hierdie verband genoem word, is dat blankes die huidige onrustoestand hoofsaaklik toeskryf aan die invloed van kommunistiese agitators, terwyl swartmense dit weer toeskryf aan die invloed van apartheid.

Predikers aan beide kante van die spektrum moet dus waak teen ideologies gekleurde prediking.

## ORTOGRAFIE EN BIBLIOGRAFIE

Die preeksketse word onder drie rubrieke behandel, te wete *eksegeties, hermeneuties* en *homileties*. Sommige medewerkers het egter die hermeneutiese en homiletiese gedeeltes as 'n eenheid behandel. Die voornemende gebruiker van die boek moet egter nie verwag om volledig uitgewerkte preke te kry nie. Harde werk lê nog voor voordat 'n mens met hierdie stof kansel toe kan gaan.

'n Groot bate van die boek is die volledige bibliografie wat dit vir die kritiese gebruiker makliker maak om self verdere navorsing te doen.

## PREEKSKETSE

Dit is onmoontlik om 'n dertigtal preeksketse afsonderlik te bespreek. 'n Algemene waarde-oordeel kan miskien nie aan individuele skrywers reg laat geskied nie, maar tog sal ons daarmee moet volstaan.

Uit 'n eksegetiese oogpunt beskou, is hier oor die algemeen deeglike werk gedoen. Die meeste medewerkers het met die perikoop in sy geheel gewerk, asook die konteks van die perikoop belig. 'n Paar het die eksegese vers vir vers hanteer. Die beredenering en die uiteindelike keuses wat uitgeoefen word, maak dit vir die leser moontlik om die heeltyd dialogies met die teks om te gaan. Die eksegetiese gedeelte is 'n groot pluspunt.

Gedagtig aan die inleidingsartikel waar gemaan word tot 'n deeglike situasie-analise, is dit opvallend dat 'n paar van die medewerkers onder die rubriek 'hermeneuties en homileties' vasgesteek het by 'n eensydige beoordeling van die Suid-Afrikaanse situasie. Enkele voorbeelde word aangehaal: 'Afsonderlike kerke' en 'afsonderlike rasse' (om wrywing te vermy)

sê juis die teenoorghestelde: Aan die natuurlike vyandigheid tussen rasse word religieuse regverdiging gegee' (bl 58). Hoekom net 'n terloopse verwysing na die gevaar van wrywing? Wat van kulturele- en taalverskille?

Word kerke sonder meer getipeer as ons na die volgende aanhaling kyk: 'Is die verdeelde kerk, die rasse kerk en die gepolariseerde kerke van Suid-Afrika dit werklik [bedoelende 'n vredeskerk]? Kan ons ons standpunt met 'n lewenswyse en 'n lewensmodel ondersteun? Miskien het die kerk juis nou nodig om te erken dat dit aan die apartheidsisteem en die status quo gelykvormig geword het en daarom nooit transformerend daarop kon inwerk nie.' Kerke-verskeidenheid impliseer nie noodwendig polarisasie en rassevooroordeel nie. 'n Verdere voorbeeld van 'n eensydige analise en terselfdertyd twyfelagtige hermeneutiek is dié wat kom uit die behandeling van Jakobus 2:1-13: 'Dit is duidelik hoe hierdie perikoop apartheid in die hart tref, en meer spesifiek: hoe die teologie van apartheid, die spiritualiteit van apartheid en direk die verreikende kerkordelike apartheid van die afgelope dekades in Suid-Afrika, as sonde en skuld ontbloot word' (bl 230).

Die funksionering van die Teologie van Bevryding by sommige van die preeksketse is opvallend. ''n Swart persoon wat Sondag vriendelik ontvang word in 'n veelrassige kerk, is waarskynlik minder vasbeslote om die strukture van die Suid-Afrikaaanse samelewing grondliggend te verander. Daarom moet die strewe na kerkywer voor bevryding afgewys word' (bl 79). Nog 'n voorbeeld waar 'n medewerker die saak van konfrontasie onder sekere omstandighede verdedig en die konsekwensies daarvan verdedig: 'Dit mag ook impliseer dat ons weerstand teen die owerhede gewelddadige situasies tot gevolg sal hê, selfs al beplan ons optredes – soos dit Christene bepaal – as vreemde protes' (bl 298).

Dit is miskien die grootste nadeel van die boek dat 'n groot klomp van die medewerkers 'n eensydige politieke invalshoek openbaar. Dit maak dat 'n groot deel van die inhoud so tydsgebonde is dat dit baie gou verouderde stof gaan wees in die lig van die vinnig veranderende politieke situasie. Dit bly egter 'n puik stuk werk wat deur die kritiese gebruiker met groot vrug gebruik kan word. Ten minste konfronteer dit 'n mens met dit wat aan die hart van die Suid-Afrikaanse samelewing lê. Hier moet ook gemeld word dat nie al die preekstof met die sosio-politieke bestel te doen het nie. Vrede in verskillende lewensverbande word aangesny. Dit verhoog die bruikbaarheid van die boek.

De Klerk, J J (red) 1990 – Die diens van barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk ('n diakonologiese studie)

Kaapstad: NG Kerk Uitgewers. 366 bladsye. Prys R59,50

Resensent: Prof M J du P Beukes

## ALGEMENE AANPAK EN DOELSTELLINGS

Onder redaksie van prof J J de Klerk het hierdie publikasie die lig gesien. 'n Groot aantal kundiges het hieraan meegewerk. Die redakteur het nie gepoog om die verskillende skrywers se eindproduk tot 'n eenheid te verwerk nie. In plaas van 'n eenheid het hy vir 'n diversiteit gekies. Die diverse gebruik het daartoe aanleiding gegee dat 'n geringe oorvleueling soms plaasvind. Die redaksie moet egter gelukgewens word dat hulle nieteenstaande die diversiteit tog in 'n baie groot mate daarin geslaag het om die eenheid te behou.

Barmhartigheidsdiens neem by die Ned Geref Kerk, soos by die meeste ander kerke, in die kerklike bediening 'n belangrike plek in. Voor die verskyning van hierdie publikasie het geen diepgaande teologiese begronding en breë beskrywing van hierdie terrein neerslag gevind in 'n teologiese publikasie nie. Die publikasies wat tot op datum verskyn het, is hoofsaaklik gelewer deur persone uit die teologiese hulpwetenskappe.

Met hierdie publikasie poog die skrywers om 'n teologies-histories-praktiese fundering en beskrywing van die diens van barmhartigheid, soos dit in die Ned Geref Kerk funksioneer, te gee. Hierdie doelstelling word skitterend bereik in hierdie omvangryke publikasie.

Die teikengehoor van die skrywers is akkademici en lidmate wat belangstel in hierdie tema. Vanweë die publikasie se teologies-praktiese aard, is dit goeie agtergrondmateriaal vir teologie- en maatskaplikewerkstudente. Hoewel die publikasie in akkademiese styl gegiet is, is dit van so 'n aard dat die gewone diaken dit ook sal kan bemeester.

## AKTUALITEIT VAN DIE TEMA

Die kerklike barmhartigheidsdiens is nie 'n liefhebbery wat gegrond is in die goeddunke van die mens nie. Die barmhartigheidsdiens is 'n opdrag van God. Dit is gegrond op en gefundeer in die teologie. Dit vra primêr na 'n beskrywing deur die teologiese dissiplines. Omdat dit deel is van die kerklike *praxis*, behoort dit as prakties-teologiese aktiwiteit beoefen en beskryf te word. Die algemene neiging om die barmhartigheidsdiens los te maak van sy teologiese wortels, maak hierdie publikasie baie noodsaaklik.

Naas die kerk is die staat en welsynsorganisasies besig om op 'n baie breë skaal diens aan mense in nood te lewer. Met die oog op die trek van saamwerklyne en die afbakening van grense, is so 'n diepgaande teologiese besinning oor hierdie tema noodsaaklik.

Die neiging bestaan oor 'n breë linie om alles te verpolitiseer en te verpraktiseer. Die mens word ook wat die barmhartigheidsdiens betref, geneem as die uitgangspunt en die fokuspunt. Indien walgooi soos hierdie nie plaasvind nie, gebeur dit maklik dat 'amptelikgeaarde diens met sy diepe soteriologiese verworteling en bestemming waarin mense organe moet wees vir die Christusbediening deur sy Gees, maklik verteken word tot 'n bloot politieke en mensgesentreerde diens' (bl 4).

## INHOUD EN INDELING

Die boek is in drie groot dele ingedeel: Prinsipiële fundering: hoofstukke 1-4; praktiese implementering: hoofstukke 5-8; gestaltes van dienslewering: hoofstukke 9-19.

## PRINSIPIëLE FUNDERING

As goeie beoefenaars van die Praktiese Teologie wil die skrywers nie in 'n praksisme verval nie. Hulle gee daarom eers 'n prinsipiële onderbou wat dien as basis vir die praktiese implementering. Die teorie wat uit die prinsipiële afgelei word, bepaal in die boek die uiteindelike inrigting van die praktyk.

Die skrywers neem die Skrif as hulle uitgangspunt. Die begrippe 'diakonia' en 'barmhartigheid' word in diepgang bestudeer en aangetoon dat barmhartigheid in die Bybelse sin altyd gegrond is op die *diakonia* van God in Christus deur die Heilige Gees in die midde van die verbondsgemeenskap. Hierdie basiese uitgangspunt word in die prinsipiële gedeelte verder uitgebou, waar die teosentriese en die koinoniale as basis-boustene vir die kerklike barmhartigheidsdiens geponeer word. Die bediening deur die amp van die diaken en die noue verband met die erediens en die kerklike verkondiging word beklemtoon. Die barmhartigheidsdiens se grense loop egter verder as die eie plaaslike gemeente. As gestalte van die koninkrykdiens vertoon dit 'n konsentriese uitbeweging. Dit is gerig op die gemeente (gemeentelike diakonaat), op die eie kerk (kerklike diakonaat), op die breër verbande in eie land en die wêreld (missionêre- en wêrelddiakonaat). Die diakonale bediening handhaaf sy eie aard, maar in sy uitbeweeg sluit hy vennootskappe soos onder andere met die staat. Deurlopend word in laasgenoemde geval gewaarsku dat die barmhartigheidsdiens kerkwerk, met sy eie karakter moet bly.

## PRAKTIESE IMPLEMENTERING

In hoofstuk vyf word 'n volledige weergawe van die geskiedenis van die barmhartigheidsdiens gegee. Die hoogtepunte word goed uitgebou. Die laagtepunte word nie verbloem nie.

Die bepaalde ontwikkeling van die barmhartigheidsdiens het gelei tot die formulering van die Ned Geref Kerk se amptelike beleid van die barmhartigheidsdiens in 1982 wat soos volg lui: 'Die Ned Geref Kerk se diens van barmhartigheid is amptelike dienswerk wat

- gefundeer word in die barmhartigheid van God Drie-enig;
- sy helderste uitdrukking en sy oorsprong vind in die ampsbediening van Jesus Christus;
- behoort tot die ampsbediening van alle gelowiges, soos hulle deur die Heilige Gees daartoe gesalf en begiftig word;
- deur die diakenamp, wat deur God daartoe verorden is, gerig, gelei en georganiseer moet word;
- die kerk se priesterlike versorging in al sy vorme van materiële, maatskaplike, psigososiale, liggaamlike en geestelike bystand aan diegene in nood behels;
- ten doel het om saam met en deur die Woordverkondiging te lei tot die ewige verlossing in Jesus Christus en die betere belewing van die gemeenskap van die heiliges tot eer van God' (bl 108).

Vanuit die amptelike beleid het die praktykvorming plaasgevind. In die praktykvormgewing het veral die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) 'n groot rol gespeel.

Dit is van belang dat met die totstandkoming van die CMR en die verskillende kommissies vir die diens van barmhartigheid, die plaaslike kerkraad en veral die plaaslike diaken nie sy funksie verloor het nie.

## GESTALTES VAN DIENSLEWERING

Die laaste deel van die boek is veral baie handig met die oog op die praktyk. Kernagtig, maar tog teologies en prakties goed verantwoord, word oor feitlik elke bestaande gestalte van dienslewering gehandel. Veral vir die teologiese student, wat nie elke patologiese verskynsel in detail kan bestudeer nie, is hierdie boek 'n baie goeie vertrekpunt met die oog op gemeentelike bediening.

In die laaste hoofstuk word aandag gegee aan die diakonaat oor kerkgrense heen. Hier word veral gedink aan hulpverlening binne die Ned Geref Kerkfamilie, maar ook aan die wêrelddiakonaat.

Die kerk met sy missionêre geregtigheid mag hom nie van die wêreld onttrek nie. Aan die ander kant sal die kerk versigtig moet wees om nie te verval in die sogenoemde politieke, sosiale en revolusionêre

diakonaat nie. 'Daar moet verhoed word dat woord en daad en materiële en geestelike aspekte van mekaar losgemaak word...Enige betrokkenheid daarvan sal egter voorafgegaan moet word deur ernstige studie, navorsing en teologiese besinning' (bl 365).

---

Holthaus, S 1990 – Madame Blavatsky und die Theosophische Gesellschaft: Die Sphinx des Okkultismes

Berneck: Schwengler. 138 bladsye. Prys D M 14.80

Resensent: Dr H J Botes

Die outeur se inspirasie tot die skryf van die werk, setel in sy waarneming van die geweldige toename (*erschreckliche Zunahme*) in belangstelling, wat die Westerse wêreld betref, in die okkulte en aanverwante verskynsels soos die esoteriek en magie. In baie gevalle is die oorsprong van dié belangstelling 'n verlange by die mens van die twintigste eeu na transendentale belewenisse (*jenseits-Erfahrungen*). Die hunkering na die antwoorde op die vrae na grond van die syn en die waarheid agter die sigbare werklikheid word selde of ooit meer in die Bybel gesoek, maar in horoskope, palmlesings, by *New Age*-terapeute en Oosterse godsdienste.

Die meeste van die okkulte en esoteriese bedrywighede wat sigself manifesteer in die Westerse beskawing, kan met stelligheid teruggevoer word na een van die vernaamste sleutelfigure van die Teosofie: Madame Helena Petrowna Blavatsky.

Die Teosofiese uitgangspunt en daarmee saam Blavatsky se denkarbeid in dié verband is ongetwyfeld die betekenisvolste wortel van die huidige Westerse okkulte opvattings en aktiwiteite. Holthaus slaag uitstekend daarin om dié wortel bloot te lê in sy werk onder bespreking. Hy doen dit deur die Teosofiese benadering en daarmee verbandhoudende en voortspruitende anti- en kwasi-Christelike opvattings en verskynsels rondom die figuur van Blavatski te beskrywe.

Die skrywer beskik oor 'n aangename en boeiende skryfstyl. Sonder 'n omhaal van woorde teken hy die fassinerende figuur van Madame Blavatsky. Algaande toon hy die verskillende bronne aan waaruit sy haar inspirasie geput het in die ontwerp van haar Teosofiese model en verskillende okkulte opvattinge.

Die waarde van Holthaus se werk is daarin geleë dat hy telkens nadat hy die een of ander van die korpus van dwalinge van Blavatsky aan die bod laat kom het, op saaklike wyse die Bybelse standpunt poneer.

Wat betekenisvol is van hierdie boek is dat Holthaus stawend aantoon dat die grondleggers van die

Nasionaal-sosialisme van vroeër die eeu, swaar aangeleun het op die okkulte opvattinge en veral Blavatsky se teorieë in die ontwikkeling van hulle ideologie. Hitler self was byvoorbeeld vertroud met Blavatsky se geskrifte. As sodanig kan veronderstel word dat die Nasionaal-sosialisme se rasseleer uit die esoteriek van Blavatsky spruit. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan in welke mate die Suid-Afrikaanse 'wit teologie' (Israelvisie) ook in die okkulte veranker is.

Wat die werk van Holthaus besonder aktueel maak, is die verband wat die outeur tussen Blavatsky en die *New Age*-beweging lê. Hy toon aan dat Blavatsky die wyshede van die Ooste, soos onder meer reïnkarnasie en *karma* met die Westerse wetenskapsleer verbind en as sodanig 'n voorloper en raadgewer van die huidige *New Age*-beweging geword het. Wat ook interessant is, is Blavatsky se besondere invloed (volgens Holthaus) op Fritjof Capra wat as fisikus *cum* filosoof taamlik aandag trek in ons tyd.

Die werk van Holthaus kan sterk aanbeveel word. Dit is onontbeerlik vir elke teoloog wat op die hoogte wil kom (en moet kom) van die okkulte invloed op ons wêreld en veral in die geledere van die moderne Christendom.

---

Best, T F (ed) 1990 – The commission meeting at Budapest 1989. (Faith and Order 1985-1989 paper 148.)

Geneva: W C C Publications. 315 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Ds M A Botma

Die kommissie *Faith and Order* van die Wêreldraad van Kerke het met die oog op die onderhawige onderwerp in Augustus 1985 te Stavanger in Noorweë byeengekom, en 'n opvolgbyeenkoms in Augustus 1989 in Budapest, Hongarye gehou. Die doel van die kommissie is om die sigbare eenheid van die Kerk te bevorder.

Hierdie publikasie is 'n rapport van dié byeenkoms gehou in 1989 waarin die lesings, responsies op die lesings en refleksies daarop weergegee word. Spesifieke aandag is gegee aan die publikasie *Baptism, eucharist and ministry* (BEM), uitgegee deur die kommissie. Meer as 450 000 kopië in meer as 30 tale is uitgegee (bl 74). Daar is 185 offisiële responsies ontvang. Die agtergrond vir BEM is die besef: 'Neither can there be a visible unity without a common recognition of baptism, without eucharist fellowship, without a mutual recognition of ministries and common structures of decisionmaking.'

Roger wys daarop dat daar tot dusver nie veel gekom het van die po-

gings tot eenheid nie. Hy waarsku ook dat die pogings tot eenheid nie in 'n ideologie moet ontaard nie. Die vraag is of dit nie reeds gebeur het nie en of hierdie waarskuwing nie die aanvoeling is dat dit wat reeds gebeur het, negatiewe gevolge kan hê en dat dit juis reeds raakgesien kan word nie. Dit is bemoedigend dat daar so 'n opmerking uit hierdie geledere gemaak word.

Imahashi (Japan) se kritiek is dat BEM nie deeglik rekening hou met die kerk waar die klem nie op die institusionele val nie. Dit moet in gedagte gehou word dat daar dele is waar die kerk meer as 'n beweging gesien word.

Uit die groepbespreking het dit duidelik geword dat 'n grondige studie oor die ekklesiologie nodig is. Ruimte moet gelaat word vir die diversiteit, maar daar word ook gesê: 'We should try to explore and to clarify which degree of diversity can be legitimate.'

Dit is daarom interessant dat daar deurentyd 'n ambivalensie beleef en ook herken word. Dit is naamlik dat daar 'n soeke na eenheid is, maar dat die diversiteit heeltyd in die pad daarvan staan. Het dit nie tyd geword dat ons vrede maak met die diversiteit en ten spyte daarvan ook die eenheid in die diversiteit kan beleef nie? Die saak word verder problematies as Ciobotea die opmerking maak dat dit nie altyd duidelik is wat die eenheid is waarna daar gestreef word nie (bl 254). Dit is verblydend as Crow die volgende opmerking maak: 'First, reflections on unity and renewal require us to think of unity as incorporating far more diversity than most models have normally envisioned...' en 'diversity need not be conflictive and in the biblical perspective it is given by God for "upbuilding the whole body"' (bl 138; vgl ook bl 262).

As 'n mens soms opgewonde wil raak oor dié soort stemme wat hier en daar opklink, soos dat daar 'n sensitiwiteit vir kulturele verskille moet wees, word 'n mens weer tot stilstand geruk deur woorde soos: 'We need not, however, to remember that church union is not our ultimate goal. Our ultimate goal is the unity of humankind' (bl 172).

Die gedagte dat daar vorentoe op die ekklesiologie gekonsentreer moet word, is verblydend. Dit word eenvoudig genoodsaak deur die feit dat daar nou besef word dat daar geen eenstemmigheid rondom die saak is nie (of sal wees nie?; vgl ook bl 224).

Die saak van die vrou in die amp kom ook ter sprake. Dit is duidelik dat daar nog talle probleme in hierdie verband ondervind word.

By verre die belangrikste opmerking word deur Keshishian gemaak (bl 265). Hy beweer heeltemal korrek dat die formule ἐν Χριστῷ die partisipasie van die gelowige met

Christus uitdruk. Eenheid bestaan dus met betrekking tot die partisipasie van die gelowige in die saak van die geloof. Hoewel hierdie saak ongelukkig nie verder en duideliker uitgewerk word nie, kan hierdie stelling nie genoeg beklemtoon word nie. Indien hierdie saak meer aandag geniet, sal die hele probleem van eenheid anders benader kan word en sal daar ook nuwe perspektiewe geopen word.

Dit is nie 'n boek wat diepgaande teologiese gedagte na vore bring nie, maar 'n mens kry deur die lees van die boek tog 'n goeie indruk van die gedagtes en werk van die Wêreldraad van Kerke en dan in die besonder van dié kommissie.

---

Van der Walt, B J 1989 – Reformasie op viersprong: Pasmarkeerders, loodvoetiges, brandstigters of ligdraers?

PU vir CHO: Instituut vir reformatoriese studies (studiestuk 262). 33 bladsye. Prys: Onbekend

Resensent: Ds W C M de Beer

In die *Woord vooraf* word die konteks vir die studie aangedui: 'En was daar al ooit 'n tyd in die geskiedenis van ons land waarin daar so hard en dringend en aanhoudend geroep word om verandering....' Daar is behoefte, word gesê, aan 'n tweede *Groot Trek* van die bekende na die onbekende, 'n behoefte aan geestelike *voor*trekkers. In die studiestuk wil die skrywer die rol van verkenner speel.

Nadat die skrywer die verwarring rondom die begrip 'reformasie' aangedui het, vergelyk hy 'reformasie' met die vernuwingsidees soos die historiese determinisme, die vitalistiese antroposentrisme ensovoorts. Nadat hy die ooreenkomste en verskille met ander vernuwingsidees aangetoon het, kom hy dan tot 'n voorlopige definisie oor wat 'n reformatoriese lewe is. Die definisie word daarna breër uitgewerk nadat die skrywer die 'Idee van reformasie vanaf die Nuwe Testament en patristiek tot by die sestiende-eeuse Reformasie' nagegaan het en enkele bakens aangetoon het.

Sy finale onderskrywing is dan dat die reformasie 'n '1. doelbewuste, 2. vreeslose 3. positiewe bereidheid 4. van Christene 5. met opregte berou, skuldbelydenis en nederigheid, 6. en in diepe afhanklikheid van God, 7. volgens Bybelse riglyne van vernuwing na die beeld van God deur die Heilige Gees om God se wil te kan ken en uitleef, 8. en met die kreatiewe inagneming van die goeie uit die verlede 9. sonder ophou 10. die relatief goeie verder te verbeter, 11. die kwaad in al sy vorme d w s individueel en struktureel, te bestry en so 12. die radikale 13. totale 14. en integrale 15. vernuwing 16. van individu 17. en samelewing na te streef en dit te doen

18. volgens strategieë wat die effektiefste die vraagstukke van die dag aandurf' (bl 26).

Dit is 'n interessante en prikkelende studiestuk wat die moeite werd is om te lees. Daar is veral groot waardering vir die slotparagraaf, 'Self voor die spieël'. In my kritiek op hierdie studiestuk wil ek hierby aanknoop. Die skrywer het nie sy eie vooronderstellings genoegsaam verdiskonteer nie. Daarom gee die studiestuk die indruk dat die preek eers gemaak is en daarna na 'tekste' of 'bewysplase' gesoek is. Die definisie van *reformasie* is vol 'tydwoorde' wat die eietydse nood en antwoorde op vrae verraai.

'n Worsteling met die begrip 'reformasie' vanuit die Skrif in plaas van die polities-maatskaplike nood van ons tyd, sou dalk tot suiwerder vrae en antwoorde lei. Selfs wanneer ons van die 'onbesoedelde brouwater', die openbaring van God, drink, doen ons dit nie sonder vooronderstellings nie. Dit sou nodig wees om oor die inhoud van begrippe soos 'skuldbelydenis', 'wedergeboorte' en 'beeld van God' duidelikheid te kry. Die probleem is dikwels dat Bybelse begrippe dien as gerieflike aanknopingspunte *vir* 'verandering' sonder dat die inhoud van die Bybelse boodskap bepalend is *in* die veranderinge. Dan het ons nie met reformasie te make nie, maar is die verandering hoogstens in mutasie – dit bly die ou mens.

Die skrywer se definisie is aanvaarbaar, mits daar eenstemmigheid oor die inhoude van die begrippe sou wees. In die diskussie rondom die begrip 'reformasie' moet ons waak teen die uiterstes van verstarring en verwarring.

---

Lerle, E 1989 – Kontakstark verkündigen: Grundzüge Bibeltreuer Predigt

Stuttgart: Hänssler. 111 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Prof T F J Dreyer

Prediking is, naas die feit dat dit verkondiging van die Woord van God is, ook 'n vorm van intermenslike kommunikasie. Verantwoordelike prediking impliseer daarom ook dat resultate van navorsing op die terrein van kommunikasie, waar van toepassing, tot voordeel van die prediking benut sal word.

Die skrywer stel dit as sy doelstelling om daartoe te probeer bydra dat die Evangelie so 'kontakstark' as moontlik aan ander mense oorgedra sal word. Op sigself is hierdie doelstelling tegelyk lofwaardig, maar ook gevaarlik: Lofwaardig in dié opsig dat elke prediker alles in sy vermoë sal doen en alle diensbare tegnieke sal benut om die Evangelie so 'effektief' as moontlik aan mense oor te dra; ge-

vaarlik, omdat die prediking in 'n oordrewe strewe na kragdadigheid en effek sy eiesoortige teologiese karakter kan inboet. Die outeur is deeglik bewus van dié gevaar en stel dit daarom ter aanvang duidelik dat sy navorsingsresultate op hierdie terrein uitdrukking is van 'n teologie wat geen ander inhoudé vir die prediking kan aanvaar, as slegs Bybelse inhoude nie.

Teen dié agtergrond is dit daarom ook verstaanbaar en lofwaardig dat hy eers kortliks die Bybels-teologiese grondlyne wat as basis vir die prediking geld, uitspel. In sewe stellings met die nodige kommentaar ter aanvulling, skets hy kortliks die raamwerk van sy teologie van die prediking. Dit blyk duidelik dat hy die prediking begrond vanuit die Bybelse gegewens rakende die volmag, inhoud en doel van die prediking. Hy grens hom skerp af teen elke poging van die Marxistiese ideologie, die Bevrydingsteologie, die Teologie van die Revolusie, of watter denkrigtings ook al, wat die krag van die Evangelie van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het en die mens van sonde verlos het, van hierdie wesenlike inhoud wil ontneem: 'Eine Verkündigung, die von solcher Christologie ausgeht, ist ein zwischen-mensliches Gerede in menslicher Ohnmacht und ohne Vollmacht des Herrn der Kirche' (bl 12).

Alhoewel elke reformatoriese teoloog met groot instemming sal kennis neem van sy teologiese vertrekpunte, voel 'n mens dit tog in sekere uitsprake aan (bv bl 12, 14) dat hy die hedendaagse hermeneutiese problematiek doelbewus ignoreer. Hy operasionaliseer sy Homiletiek vanuit 'n simplistiese en ietwat fundamentalistiese Skrifhantering. Hiermee wil ons egter geensins afbreuk doen aan die grondige teologiese basis wat hy vir die prediking poneer nie. Daarom kan hy dan ook konkludeer dat die prediking sigself onderskei van alle ander vorms van intermenslike kommunikasie. Alhoewel die prediking veranker is in die onveranderlike Woord van God, moet dit 'n brug bou na die menslike werklikheid met al sy veranderlikhede wat die kommunikasieproses kan versteur.

Die kontakgebeure (kommunikasie) tussen mense word deur talle faktore versterk of verswak. Hy poog dan om navorsingsresultate vanuit die kommunikasiekunde vir die prediking diensbaar te maak om sodoende die kontakgebeure te versterk. Dit is opmerklik dat Lerle nie die reeds bekende kommunikasietegnieke bespreek nie, maar hom juis in sy navorsing toespits op terreine van die kommunikasie wat nog nie vantevore met die oog op die prediking ontgin is nie.

Hy wei byvoorbeeld een hoofstuk aan 'beweging' as tegniek wat kontak en kommunikasie kan versterk. Met 'beweging' word dan nie fisiese beweging van die prediker bedoel nie

maar die voorstelling van 'beweging' deur taal. Metodes om 'kontrastering' te benut, word ook ondersoek en benut. 'Emosies' as kontakversterkende middel word op 'n teologiesverantwoorde wyse hanteer. Hy stel dit duidelik dat dit nie die opdrag van die prediker is om deur sy retoriek emosies op te wek nie, maar om die emosionele gehalte van die Evangelie onverkort aan die hoorder deur te gee.

Vanuit die psigoterapie ondersoek hy ook die moontlikheid om projeksie en identifikasie vir die prediking te ontgin.

In die laaste twee hoofstukke toon hy aan dat die resultate van die kommunikasiekunde ook bepaalde vereistes stel aan die vorm en struktuur van die preek. Die belangrikheid van gesprekke oor die prediking as middel om die kommunikasie te versterk, word in die slothoofstuk bespreek.

Elke prediker wat sy prediking so 'kontakstark' as moontlik wil aanbied, moet van hierdie navorsingsresultate kennis neem. Dit is jammer dat literatuurverwysings slegs sporadies aangedui word. Dit maak dit vir die geïnteresseerde leser moeilik om bepaalde aspekte dieper na te vors.

---

**Burger, C W, Müller, B A & Smit, D J (reds) 1990 – Riglyne vir prediking oor die bergrede**

Kaapstad: NG Kerkboekhandel. 296 bladsye. Prys: onbekend

**Resensent:** Prof E Engelbrecht

Hierdie boek is nog 'n uitgawe van die reeks *Woord teen die lig*. Baie en gesoute Bybeluitlêers het aan hierdie boek meegewerk. Dit word ook gou duidelik dat hierdie skrywers toegewyde predikers is. Die redaksie het nie aan die medewerkers 'n resep gegee hoe om die onderskeie gedeeltes wat hulle verklaar het, 'toe te pas' nie. Hierdie redaksionele beleid het baie bygedra tot die geslaagdheid van hierdie boek. Die bespreking van die boek word egter hierdeur bemoeilik, omdat 'n noukeurige bespreking met betrekking tot elke skrywer tot oormatige volledigheid sou lei.

Hierdie boek is bedoel as riglyn vir die dominee wat moet preek. Wie self in hierdie praktyk staan, weet dat daar dikwels net nie genoeg tyd is om so wyd as wat nodig is oor 'n spesifieke onderwerp te lees nie. Vir hierdie nood van die dominee en die akademikus is die *Riglyne* 'n welkome hulp. Die resensent was van oordeel dat indien 'n boek as praktykhulp aangebied word, moet dit ook in die praktyk getoets word. Hy het toe agtereenvolgens twintig eredienste uit die

bergrede gepreek. Vir die voorbereiding is daar toe hoofsaaklik op die *Riglyne* gesteun. Preke kon relatief gou gemaak word sonder om kwaliteit in te boet. Om hierdie rede kan die boek met vrymoedigheid by die dominee aanbeveel word.

Dit word vir die leser gou duidelik dat die skrywers van hierdie boek breed gelees het. Dit het ook gou duidelik geword dat die voltooide gedeelte van Luz (EKK) se kommentaar beduidende invloede op die *Riglyne* uitgeoefen het. Die skrywers het dus ook deeglik van resente menings kennis geneem. Die wyse van sekondêre bronbenutting dra by tot die geslaagdheid van die boek.

Die *Riglyne* se waarde word verhoog deur inleidende artikels. Veral die bibliografie wat kortliks bespreek word, is waardevol. Die leser kan nou soveel makliker oor sekere aspekte nalees. In die inleiding word 'die bergrede in die geskiedenis' bespreek. Die leser sien gou raak dat die tydsraamwerk die uitleg en die toepassing van die bergrede deeglik beïnvloed het.

Die inleidende artikels is waardevol en onontbeerlik vir die prediking. Dit is egter ook hier dat sekere opmerkings gemaak moet word. Die eerste inleidende artikel trek die invloed van die *Verligting* te ver deur. Hierdeur word die eintlike van die Verligting afgewater. Kant se denke is ook 'n aanduiding dat die Verligtingsopvatting van 'n goedaardige natuurharmonie, wat as dit eenmaal redelik ontdek is, alle konflik en ellende sal verwyder, algou begin wankel het.

Die waarde van die tweede inleidende artikel is dat die bergprediking as deel van die Matteus-boodskap verstaan word. Die raamwerk van die bergprediking is dus die Matteus-teologie. In hierdie verband beklemtoon die artikel die verhouding tussen *genade* en *opdrag* in die Matteusevangelie.

'n Beduidende tendens in die moderne Matteus-navorsing ontvang in die inleidende artikels geen aandag nie. Frankemölle het reeds in 1974 gestel dat geregtigheid in die Matteusevangelie teen die agtergrond van die Deuteronomistiese verbondsteologie verstaan kan word. Teen dié raamwerk as agtergrond is dit verstaanbaar waarom Matteus wetsgehoorsaamheid beklemtoon. Die noue band tussen bekering tot Jesus en wetsgehoorsaamheid, die menslikheidstendens in dié Evangelie, die verband tussen gehoorsaamheid en loon, en ten slotte die noue verband tussen lojaliteit en wetsgehoorsaamheid in die Matteus-evangelie is ook goed te begrype teen die agtergrond van die Deuteronomistiese denke.

Die resensent het verwag dat die radikale rigtingverandering wat deur Calvyn in die sosiale etiek teweeggebring is, meer aandag in die inleiding

sou ontvang. Hierdie verwagting is deur twee sake gestimuleer. In die eerste plek: Calvyn se radikale nuwe siening het ook sterk op die bergrede gesteun. In die tweede plek sny Calvyn dieselfde vrae aan wat vandag weer wêreldwyd en ook in Suid-Afrika brandend geword het. Die leser van die *Riglyne* sou dus met vrug Ludi Schulze se 'boekie' *Calvin and social elhics* kon bylees; dit des te meer omdat sosiaal-etiese vrae na afloop van byna elke perikoop ter sprake kom.

Predikers, ongeag die vlak van hulle akademiese en praktiese kompetensie, kan hierdie *Riglyne* met vrug gebruik. Trouens, die standaard van die *Riglyne* verplig hulle om dié werk te gebruik.

---

Potgieter, F J M 1990 – Kerk en samelewing – 'n wesenskou

Kempton Park: NG Kerk-Uitgewers. 64 bladsye. Prys R9.60

Resensent: Prof J A Heyns

In hierdie publikasie lewer die veteraanteoloog van Stellenbosch 'n indringende weloorwoë kritiek op die rapport van sy kerk, naamlik *Kerk en samelewing*, wat reeds tydens die sinode te Kaapstad (1986) aanvaar is en intussen grondig hersien is by die sinode te Bloemfontein in 1990.

Wat 'n resensie so buitengewoon moeilik maak, is dat die kritiek teen die rapport *Kerk en samelewing* gedra word deur en opkom uit 'n spesifieke *ouvre* van teologiese denke. Hier staan ten diepste teologie teenoor teologie, sodat 'n blote vermelding van kritiek teen bepaalde standpunte van die rapport nie alleen volledig onvoldoende sou wees nie, maar ook vir die leser van hierdie resensie van geen diens sou wees nie.

Ek is dus verplig om die teologiese, en ander, apriories van prof Potgieter, soos dit in hierdie publikasie as motiverende agtergrond funksioneer (uiteraard kortliks) weer te gee. Maar afgesien hiervan is daar 'n tweede raamwerk waarbinne sy kritiek gesien moet word. Dit word eerste aan die orde gestel. Prof Potgieter verwys naamlik na verskillende teologiese en ander denkstrominge wat as deel van die tydsgees 'n invloed op die sinode via die verteenwoordigers gehad het (bl 8). In hierdie verband word verwys na:

* Jean Jacques Rousseau se slagkreet van *vryheid, gelykheid en broederskap* en sy aksente op menseregte;
* die Marxisme wat sy gelykskakelingspsigose subtiel propageer;
* Lenin se verklaarde strategie om die godsdiens só te infiltreer dat die Christene die wolf in skaapklere nie meer kan onderskei nie;

- die Wêreldraad van kerke en die Cottesloeberaad waar alle vorme van segregasie as onbybels verwerp is;
- die Bevrydingsteologie met sy ideaal van 'n sosiologiese herinterpretasie van die Bybel.

In dié verband word daar verwys na die SAKP, ANC en die Institute of Contextual Theology, en in sake die Freedom Charter word gemeld dat die dokument wel hemelsbreed verskil van *Kerk en samelewing*, maar 'die ooreenkoms is inderdaad opvallend' (bl 11). Ook die Kairosdokument word aangehaal en na aanleiding van die algemene klimaat van veranderinge in die land, word opgemerk dat sogenaamde verandering in 'n verdorwe werklikheid dikwels meer 'n teken van deformasie is as van reformasie. Potgieter noem dit alles relevante sake wat vir die evaluering van *Kerk en samelewing* nodig is (bl 6). Die graad van die relevansie word bepaal deur die wesenlike inhoud wat dit op *Kerk en samelewing* gehad het, maar dit word nie aangedui nie.

Wat Potgieter se eie teologiese standpunt betref, allereers 'n kerkregtelike aangeleentheid: Hy meld dat 'n gesaghebbende sinode 'n sinode is waar alle plaaslike kerke verteenwoordig is, want aan die plaaslike kerk is deur die Skrif gesag toegeken. Waar dit nie die geval is nie, met ander woorde in 'n verkleinde sinode soos die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, moet verwag word dat ontevredenheid sal heers en 'n klimaat van skeuring geskep sal word.

So 'n sinode verabsoluteer die mag van 'n sinode en verval in die dwaling van sinodokrasie. Alle argumente teen 'n verkleinde sinode het die Ned Geref Kerk nie daarvan weerhou om in 1962 tog tot die skepping van 'n Algemene Sinode oor te gaan nie. Byna vyf en twintig jaar later word op die gevare gewys toe bepaalde tradisionele standpunte nie meer haalbaar is nie.

Sy teologiese beskouing kan dalk met die volgende omskrywing uiteengesit word: Die sentrale waarheid van die Christendom is die Drie-eenheid (bl 21) en dit beteken dat daar in God 'n *eenheid van wese* en 'n *verskeidenheid van persone* is. Hierdie leer, en met name die verskeidenheid, word volgens Potgieter tot so 'n mate verwaarloos dat die gestalte van *Kerk en samelewing* nie daardeur bepaal word nie (bl 22) en dat selfs gesê moet word dat *Kerk en samelewing* geen trinitariese substraat het nie (bl 31) op grond waarvan die volk en die kerk Bybels korrek verstaan kan word. En albei móét eenvoudig korrek verstaan word, want uiteindelik is daar tussen kerk en volk so 'n intieme band, dat indien die kerk vernietig word, dan is die volkseenheid is ook daarmee heen (bl 8).

Potgieter het die volgende siening: Hierdie drie-enige God (met die eenheid van sy wese en die verskeidenheid van sy persone) is die Skeppergod, en op grond hiervan het ons die wesenlike eenheid van die menslike geslag, maar met betrekking tot die formasie van die mensheid kry ons die verskeidenheid van volke.

Uiteraard is God ook vir die kerk verantwoordelik, en ten opsigte van die kerk moet duidelik onderskei word tussen die *wese* van die kerk as mistieke liggaam van Christus en die *formasie* van die kerk as instituut. Die wese van die kerk is as vrug van God se besondere genade één, onsigbare geloofsgemeenskap. Die formasie van die kerk is as vrug van God se algemene genade 'n instituut wat, soos alle ander institute, tot die skeppingsorde behoort. Hierdie instituut is nie, en mag nie één wees nie, want die kerk as instituut bestaan in en word bepaal deur die volksverband waarin dit bestaan, en dié is nie één nie, maar 'n verskeidenheid. Dit het die verdere implikasie dat toetrede tot die wese van die kerk as mistieke liggaam van Christus onderskei moet word van lidmaatskap van die kerk as instituut. Inderdaad is die kerk na sy wese oop vir alle gelowiges, en is geloof die enigste voorwaarde vir toelating (bl 57), maar die formasie van die kerk word bepaal deur die etniese pluriformiteit (vgl bl 59). En hierdie pluriformiteit is as substraat van die kerklike pluriformiteit van groot belang vir ons ewige heil (bl 34). Na alles is volke nie net uit gesigshoek van die algemene genade van belang nie, maar ook uit dié van die besondere genade. God het sy genadeverbond met 'n bepaalde volk gesluit (bl 37).

Om saam te vat: Soos in die triniteit en daardeur skeppend veroorsaak en gevolglik in ooreenstemming daarmee, is daar in die mensheid èn in die kerk eenheid en verskeidenheid as beginsels wat gehandhaaf moet word.

Logiese konsekwensies van hierdie basiese standpunte is onder andere die volgende, en ons noem hulle slegs: Die afsonderlike bestaan van volke en partisie as eiesoortige ontwikkeling van volke is Skriftuurlik verantwoord (bl 29, 36); 'n unitêre staat met 'n heterogene bevolkingsamestelling waar mag gedeel moet word met mense wat onder andere die Godheid van Christus verwerp, is met 'n beroep op die Pauliniese woord, 'Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie' (2 Kor 6:14) in beginsel onaanvaarbaar; volgens die Skrif is die oplossing van ons land se probleme dat elke bevolkingsdeel oor soewereine gebied sal beskik (bl 44); dit is ongeoorloof om die Ned Geref Kerk in die beskuldigdebank te stel en met spyt te bely dat sy deelname aan die ideologie van apartheid die lyding van mense tot gevolg gehad het (bl 19).

Prof Potgieter se standpunt is so objektief en saaklik moontlik weergegee. Die bedoeling daarvan was om duidelik te laat sien dat sy grondige besware teen die diepste intensie van *Kerk en samelewing* voortspruit uit 'n teologiese visie wat vir ons om verskillende redes (waarop ons nie hier kan ingaan nie) nie aanvaarbaar is nie. Om maar net een enkele merkwaardigheid te noem: Die eenheid van die kerk word as 'n geestelike werklikheid verklaar, maar die verskeidenheid van kerke nie, en dit terwyl die drie-enige God, van wie die beginsels van eenheid en verskeidenheid ontleen is, 'n geestelike Wese is.

Vir die Ned Geref Kerk het ons hier uiteraard 'n uiters sensitiewe saak. Hier is 'n hooggewaardeerde en geliefde professor wat vir ongeveer drie dekades aan die Kweekskool van Stellenbosch gedoseer het en gedurende daardie tyd 'n grondliggende bydrae gelewer het, nie alleen tot die teologiese vorming van baie predikante nie, maar ook tot die amptelike standpunt van die Ned Geref Kerk oor hierdie aangeleenthede. En nou blyk dit dat hy met die amptlike standpunte van sy kerk (*Kerk en samelewing* 1986, wat nie net deur die Algemene Sinode aanvaar is nie, maar daarna in beginsel ook deur elf streeksinodes) nie kan saamstem nie. En wat meer is: Met die nuwe *Kerk en samelewing* van 1990 sal hy nog minder kan saamstem.

Met sy geskrif, waaraan hy ongetwyfeld grondig en biddend gewerk het, het hy ons almal voor nuwe verantwoordelikhede geplaas, want sy slotwoord is 'n woord vir almal: 'Ons moet die hele Bybel onvoorwaardelik gehoorsaam en nie langer selektief lees en toepas, soos dit by eie denke en optrede inpas nie' (bl 63). Maar dan wys ek tog graag ook daarop dat *Kerk en samelewing* (1986) volgens 'n sin uit die voorwoord die kerk aangebied is as die neerslag van 'n gehoorsame luister na die Skrif, en dit is waar ook van 1990 se *Kerk en samelewing*.

---

Kinghorn, J, Lategan, B C & Van der Merwe, C F (reds) 1989 – Into Africa: Afrikaners in Africa reflect on 'coming home'

Stellenbosch: Centre for Contextual Hermeneutics. 65 bladsye. Prys R10.00

Resensent: Dr J P Labuschagne

Die boek bestaan uit 12 opstelle wat geskryf is deur persone waarvan die meeste op uitnodiging van die *Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek* aan die Universiteit van Stellenbosch besoek afgelê het en inligting ingesamel het in die buurstate van die RSA. Veral Zimbabwe, Zambië en Malawi

is in 1988 besoek. Genoemde *Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek* (SKH) het noue bande met die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Die skrywers bestaan uit lede van die SKH, teoloë, ekonome, kenners van die politieke wetenskap, die filosofie, die sosiologie, en 'n joernalis.

Die doel van die SKH met die boek is om, vanweë hulle noue bande met die Ned Geref Kerk, die hoofstroom Afrikaners te bereik en hulle te probeer oortuig om uit te breek uit hulle isolasie – hulle te laat besef dat hulle deel is van Afrika en as sulks Afrikane ('Africans') is en moet leer om soos Afrikane op te tree (bl 46).

Die ideaal wat die boek wil oordra, is '[d]ie opsie vir 'n inklusiewe demokrasie vir alle belangstellende partye', die 'konsep van 'n inklusiewe nie-rassige demokrasie vir Suid-Afrika' (Inl bl iii, bl 1, 12, 46, 47). Die boek spreek in 'n 'algemene optimisme' (Inl bl iii) aangaande oorgang na 'n swart meerderheidsregering in die RSA en rasseversoening, terwyl rassediskriminasie tot 'n einde moet kom. Die skrywer gaan dus duidelik met 'n voorafingenome standpunt na die buurstate vir inligting en waarneming, en kom dus nie tot 'n konklusie ná waarneming en analise van 'n bepaalde werklikheid nie. Tereg word dan ook in die Inleiding gemeld (bl iii) dat die opstelle alleen 'persoonlike indrukke' wil wees, en dat nie aanspraak gemaak word op 'resultate van formele navorsing' nie.

Wat interessant is van die boek, is juis die 'persoonlike indrukke'. Wat vervelig is van die boek, is dat al twaalf skrywers oor en oor dieselfde ding sê. Oor waardevolle argumente, indrukke en inligting kan die volgende gemeld word:

* 'n Samelewing verander langs vier weë: polities, sosiaal, ekonomies en ideologies (en sonder Ig verander die res nie suksesvol nie – bl 15).
* Versoening van die kant van swartmense en witmense, nadat 'n swart meederheidsregering oorgeneem het, het in die buurstate van die RSA hoofsaaklik drie gronde:
    * Die Christelike agtergrond van leiers soos Banda, Kaunda en Mugabe;
    * sterk leierskap;
    * ekonomiese opbou en die buitelandse investering daarvoor benodig, sal nie verkry word wanneer witmense onderdruk word nie (bl 8).
* In die ervaring van swartes het die bewind van witmense hulle menslike waardigheid geminag (bl 7, 8).
* Ekonomies gaan die buurstate agteruit, veral Malawi. Sedert 1984 het Malawi se *per capita* inkomste aanhoudend gedaal (bl 23). Malawi is die agtse armste

land ter wêreld, met die hoogste bevolkingsdigtheid (bl 9, 22).

* Afrikalande is afhanklik van buitelandse hulpprogramme om te help voorsien in die voedselbehoeftes van hulle snelgroeiende bevolkings (bl 22).
* Gerugte het dit gehad dat die Internasionale Monetêre Fonds belowe het om sy betrokkenheid in Zambië te verhoog indien Zambië sy hulp aan bevrydingsbewegings in die RSA hersien (bl 24).
* Daar is net een skrywer wat Afrika se grootste probleem – sy bandelose populasiegroei – noem: 'Waarskynlik Afrika se grootste dilemma – 'n bevolkingsontploffing' (bl 35).
* Opvallend en veelseggend is die waarneming dat die Eerste Wêreld se multinasionale besigheidskorporasies nie weer in Afrikalande investeer het nadat swart meerderheidsregerings eers oorgeneem het nie, terwyl hierdie korporasie tot op hede voorgegee het (tans ten opsigte van die RSA) dat wit minderheidsregerings die rede is waarom hulle kapitaal onttrek het (Voorwoord bl 1 & 23).
* Die RSA sal nie kan bekostig dat baie van sy 'professioneel-geskoolde witmense' emigreer nie. Oplossings vir die RSA-samelewing se probleme is daarom noodsaaklik (bl 17).
* Die grootste waarde van die boek is dat dit sinvol is om met die buurstate se mense te praat en openheid te hê vir hulle sienings. Tog word hierdie waarde onmiddellik uitgekanselleer omdat die skrywers geen begrip het vir andersdenkendes onder hulle eie mense (mede-Afrikaners) nie. Die selfverwesenliking van swart aspirasies word positief bevorder, maar nie dié van hulle eie mense nie (vgl bl 39). Die boek het 'n oordrewe lofrede geword vir alles en almal wat swart meerderheidsregerings bespoedig. Tog noem die boek dit, maar ignoreer dit dan totaal, dat by verre die meeste witmense in buurstate dit nie wou aanvaar nie, en daarom liewer die land verlaat het. Daarom behoort daar genoem te word dat 90 persent van die Ned Geref Kerk se lidmate in Zimbabwe die swart bewindsoorname nie wou aanvaar nie en die land verlaat het (bl 2), en ook dat blankes se getalle in Zimbabwe van 500 000 na 100 000 gedaal het.

Afgesien van wat hierbo genoem is, het die boek werklik nie veel om die lyf nie. Die swak argumente word eerder daargelaat, terwyl volstaan word met die volgende opmerking: Dit is jammer dat 'n geskrif wat afkomstig is van 'n universiteitsinstituut nie meer gerig was op deeglike

navorsing, wetenskaplik ontleding en logiese argumentering nie. 'n Mens verwag dit immers van die SKH.

---

Vorster, W S (red) 1990 – Morality at the marketplace

Pretoria: Department of publishing services, UNISA. 90 bladsye. Prys R15.82

Resensent: Dr J P Labuschagne

Die boek handel oor die Suid-Afrikaanse samelewing en spesifiek die ekonomiese terrein. Talle boeke is die afgelope dekades geskryf oor hierdie onderwerpe. Die oorgrote meerderheid was weinig meer as propagandisties en vol ideologiese naïewiteite na links en regs, wat die waarde vir denkende mense uiters beperk het.

Hierdie boek is 'n uitsondering! Die boek is tydig en oorwegend met nugtere objektiwiteit geskrywe en kan met vrymoedigheid aanbeveel word vir:

* almal wat belangstel in die ekonomiese terrein;
* bestuurders van firmas en bedryfsleiers;
* werknemers, arbeiders en vakbondleiers;
* politici.

Die volgende persone het skryfwerk gelewer vir hierdie publikasie:

* Wolfaardt, J A, professor Departement Praktiese Teologie, UNISA, Pretoria;
* Riley, A D, bestuurder, Nasionale Produktiwiteitsinstituut, Pretoria;
* Parsons, J A, direkteur, Nasionale Produktiwiteitsinstituut, Pretoria;
* Ball, C M A, senior lektor, Departement Regsgeskiedenis, UNISA, Pretoria;
* Schoeman, S C, navorser, Afrika Instituut van Suid-Afrika, Pretoria;
* Venter, A F, predikant, The Vineyard Fellowship, Johannesburg;
* Kelly, M V, professor, Departement Bedrysekonomie, UNISA, Pretoria.

Veral die perspektiewe wat gestel is deur Wolvaart, Venter en Kelly was goed.

Die *doel van die boek* is om aandag te vestig op 'aspekte van die moraliteit van die markplein' (voorwoord, bl vii). *Kritiek teen die boek* is dat al die opstelle baie inleidend gestel is, sodat daar nie werklik 'n ontleding gemaak is van ekonomiese sisteme, die markplein van die RSA, en werklike ekonomiese probleme nie geïdentifiseer en eties aangespreek is nie.

Die volgende *positiewe aspekte* kan aangetoon word:

* Daar word uitdruklik daarop gewys dat die vrye markstelsel (kapitalisme) geen etiese basis het nie (bl 2, 3, 22). Dit is die swakpunt van die stelsel.
* Vir die vrye markstelsel is dit belangrik om ongebonde vryheid te hê, met geen verpligting teenoor die welsyn van ander nie. Dit is egter ook 'n vryheid vir elke individu om sy eie morele natuur uit te lewe en welsynsdiens individueel en vrywillig te verrig, en nie deur owerheidsinmenging in die mark daartoe gedwing te word nie (bl 4).
* Vryheid, mededinging en eie-belang is eie aan die menslike natuur, en is daarom die basiese bestanddele vir die vrye markbeskouing (bl 8).
* Hierteenoor is die *hoodskap van hierdie boek* dat die etiek tot sy reg moet kom op die markplein. Dit is die waardevolle van die boek. Hoe ekonomiese welvaart regverdig versprei kan word, is die groot vraag (bl 71). Dit bly egter onbeantwoord deur die boek. Wel word gesê: '[E]gte kapitalisme is vir seker nie die antwoord nie' (bl 71). Die etiek hoort by die grondslag van die ekonomie (bl 72). Die doel is 'geregtigheid vir almal' (bl 72). Wette van 'n land rakende die mark word bepaal deur die regering se ekonomiese beleid (bl 32, 36). Beïnvloed deur die heersende politiek, kan wette rakende die vryheid van die mark soms baie materialisties en onregverdig wees (bl 31, 32). Die 'teologie van voorspoed' met sy oorsprong in die 'onafhanklike eharismatiese kerke' (bl 63v) word beskuldig van 'kapitalisme onder 'n teologiese dekmantel' (bl 60). Die boek is egter ook nie 'n keuse sonder meer vir sosialisme nie. Dit gaan nie om die keuse vir 'n stelsel nie, maar om die keuse van die etiek.
* Wanneer gewys word op die onsekerheid van die besigheidsgemeenskap ten opsigte van die eise van die etiek op die markplein (vgl bl 77), behoort dit vir ons ook te wys op 'n leemte by die kerk wat die gemeenskap in hierdie verband nie opvoed nie. Die makro-etiek wat handel oor samelewingstrukture ontvang glad nie die nodige aandag in die boek nie.
* Daar word daarop gewys dat die gemeenskap in die wêreld en ook in die RSA dit as meer en meer noodsaaklik beskou dat besigheidsbestuurders opgelei behoort te word in die etiek van die markplein (bl 80). Werkers behoort ook 'n basiese opleiding in hierdie verband te ontvang.

* Die betrokkenheid van die teologie word gevra en as noodsaaklik beskou op die terrein van die besigheidsetiek en die ontwikkeling van opleidingsprogramme in hierdie verband (vgl bl 78, 85, 86).
* Bestuurders moet bewus gemaak word dat daar baie argumente teen Friedman se 'profyt-alleen'-leerstelling, as die enigste sosiale verantwoordelikheid van 'n besigheid, is (bl 82).
* Edmund Burke het in 1773 gewaarsku: 'Die enigste ding nodig vir die kwaad om te oorwin, is dat goeie mense niks moet doen nie' (bl 88).

---

Crafford, D 1990 – Uitdagings vir die kerk in Afrika

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 113 bladsye. Prys R21,00

Resensent: Dr R M Naudé

Die kern van die boek kan met die volgende aanhaling saamgevat word: 'Die volgende paar dekades gaan 'n krisistyd wees in die lewe van die Christendom in Afrika. Dit sal bepaal of die Christendom in Afrika 'n lewende deel sal bly van die wêreldkerk maar wel met sy eie spesifieke karaktertrekke, en of 'n groot deel van die Christendom in Afrika gaan verval tot sinkretistiese strukture, sektariese bewegings en selfs tot post-Christelike bewegings wat geen verband meer behou met die kerk van die Nuwe Testament nie. Soveel is op die spel in Afrika dat Christelike kerke in Suid-Afrika en in die Weste en Amerika alles in die stryd moet werp om deur dialoog, ondersteuning en voortgesette evangelisering te help bou aan 'n Christendom in Afrika wat op vaste Bybelse fondamente rus' (bl ix).

Die omskrywing van hierdie krisis vind plaas by wyse van sewe artikels wat vir verskillende geleenthede saamgestel is, maar nou in een bundel saamgebind is. Ten spyte van hierdie aspek wat 'n groot nadeel kon ingehou het, is die veskillende artikels saamgebind deur die oorhoofse tema *Uitdagings vir die kerk in Afrika*.

Die bedoeling van die boek is om as 'n stimulus te dien vir die kerk in Suid-Afrika om met entoesiasme die uitdagings van Afrika aan te pak. Die aard van die boek is daarom om inleidend die leser kennis te laat neem van die behoeftes van die kerk in Afrika sodat die leser bewus kan word van die probleemveld wat ervaar word. Elke hoofstuk behandel 'n aspek van die probleem. Op hierdie wyse kom die leser onder die indruk van die veelvuldigheid van die nood van Afrika. Dit is deel van die nood van Afrika dat daar 'n geweldige be-

volkingsgroei is en duisende kerke bestaan met 'n groot behoefte aan teologiese opleiding. Gepaard hiermee bestaan ook die vraag na die verhouding tussen die Christelike boodskap en die tradisionele godsdiens. Die nood van Afrika bestaan verder uit die groei van die Islam in baie lande van Afrika en die toename van die denke van Marxisme wat as oplossing van die sosio-ekonomiese probleme van Afrika voorgehou word. Veral laasgenoemde omvat temas soos 'swart bewussyn', 'etiek' en 'ekumene in Afrika'.

Hierdie probleemvelde word deur die outeur op 'n bondige wyse uiteengesit sonder om wetenskaplikheid in te boet. Alhoewel die outeur eintlik net die nood van Afrika wil aandui, is dit onvermydelik dat spesifieke keuses ten opsigte van 'n paar vertrekpunte gemaak moes word. Dit word soos volg aangedui:

* Die outeur bepleit 'n Afrika Christelike teologie (bl 11) wat die Afrika-mens se bewussyn van die bonatuurlike en die Afrika-identiteit in die kerk se aanbidding (bl 8) behou. In die lig van die bestaan en die groei van die Onafhanklike Swart Kerke word uitdagings gestel om te besin oor die vraag of die Bybel na die hart en begrip van Afrika spreek. Dit is in wese 'n vraag na 'n *Confessio Africana* en 'n *interpretatio Africana* (bl 22).
* Dialoog met die Islam word bepleit. Dit word gedoen teen die agtergrond van die gedagte dat Moslems deur Christene polities veronreg is. Die Christendom word daarvan beskuldig dat 'n skeiding gemaak word tussen geloof en lewe. Liefdelose optrede maak die boodskap dat God liefde is, ongeloofwaardig (bl 45). Dialoog kan die evangelie se geloofwaardigheid bevestig en die moontlikheid daarstel vir die verkondiging van Christus (bl 49).
* Diakonaat en wêrelddiakonaat, dit wil sê, 'n diakonaat gerig op die nood van veral die Derde Wêreld word gestel as antwoord op Marxisme (bl 61). Die praktyk moet bewys dat die gemeenskap in Christus ook werklik oor klasse-, kleur-, en rassegrense heen kan sny en mense in Christus verenig. Indien die kerk hierin tekortskiet sal dit nie 'n ware alternatief vir die Marxisme kan bied nie (bl 60).
* 'n Ware etiek moet voortkom uit 'n gesonde Skrifgebonde dogmatiek en aan beide is daar nog in die konteks van Afrika 'n groot behoefte (bl 80). Die etiek gebore uit die Bybelse teologie moet die beginsels van die evangelie toepas op die konteks van elke situasie. Daarom bestaan daar 'n vraag na kontekstuele etiek. Etiek in Afrika kan nie beoefen

word sonder 'n deeglike kennis van die godsdiens- en sendingwetenskap nie (bl 81).

* Die hoofdoel van die ekumene in Afrika is die onvoorwaardelike vereniging tussen alle Christene sonder die oorweging van die waarheid. Geen sigbare eenheid is nodig solank daar 'n geestelike eenheid is nie. Daar kan eenheid wees te midde van verskeidenheid. Dit beteken 'n eenheid van gemeenskap, diens en getuienis. Dit impliseer nie noodwendig dat alles in dieselfde vorm van kerkbeleid en liturgiese vorme geforseer moet word nie (bl 111, 112).

Dit is sekerlik waar dat van sommige van hierdie keuses verskil en met ander saamgestem kan word. Die feit bly egter dat Afrika 'n uitdaging rig aan die kerk in veral Suid-Afrika om teologies te besin oor die wel en weë van Afrika. Deel van hierdie besinning is ongetwyfeld 'n etiek wat gewortel is in die teologie van die Bybel.

In Suid-Afrika word daar tans vanuit verskillende oorde gepoog om die nood van Afrika te begryp en die uitdagings wat dit bied op teologiese gebied te aanvaar. Een van hierdie pogings is die nuutgestigte *Didache*-Instituut.

Prof Crafford het met hierdie boek 'n wesenlike bydrae gelewer om die nood van Afrika bekend te stel. Ons wil die hoop uitspreek dat die kerk in Suid-Afrika aan die uitdagings van Afrika antwoorde sal gee. Hierdie boek is uitmuntend geskik om 'n inleiding tot hierdie taak te wees.

---

Baptism, eucharist and ministry 1982-1990: Report on the process and responses 1990. (Faith and Order paper 149.)

Geneva: W C C Publications. 160 bladsye. Prys $9.95

Resensent: Dr D J Smith

In 1982 het die Wêreldraad van Kerke die sogenaamde BEM-dokument (*Baptism, eucharist & ministry*) vrygestel wat groot reaksie uitgelok het.

In die boek onder resensie wil die opstellers iets weergee van die aard en implimentering van die hele BEM-proses (soos hulle dit noem), asook die inhoud en rigting wat 186 verskillende kerke se reaksies en antwoorde gee. Verder word ook 'n verheldering op kritiese kommentaar wat gelewer is, gegee en word ook voorstelle voorgelê oor aan watter hooftemas verder aandag gegee moet word. 'n Vorige ses volumes is aan die mening en antwoorde van die verskillende kerke gewy.

Die opstellers van die rapport wil dit sien as 'n ekumeniese 'resources-sharing', as 'n paslike instrument vir 'n teologiese en geestelike uitruilproses tussen die verskillende lidkerke.

Hoofstuk een is 'n algemene inleidende hoofstuk. Hoofstuk twee dra die titel 'The BEM process' en wil die verloop en gang van sake gee vanaf die eerste roeringe by die Lausanne-konferensie in 1927 tot by die aanvaarding van die *Baptism, eucharist and ministry*-dokument te Lima in 1982 en die huidige stand van sake. Die hoofstuk wil ook aantoon hoe die BEM-dokument hanteer en versprei is om die beste reaksie tot gevolg te hê.

Die grootste deel van die boek word gewy aan hoofstuk drie met die titel 'Responses of the churches'. In 'n vorige ses volumes oor die BEM-dokument is 'n samevatting gegee van 179 verskillende kerke se reaksies en antwoorde op die dokument. Die derde hoofstuk is in baie opsigte 'n samevatting van die vorige ses volumes met 'n nuwe aspek hier en daar. Dit is moeilik, indien nie onmoontlik nie, om in 'n resensie die inhoud van hierdie hoofstuk weer te gee, aangesien daar stellenderwys en baie kort verwys word na talle kerke se standpunte oor 'n baie wye verskeidenheid van sake rakende die doop, Nagmaal en ampte.

Hoofstuk vier word gewy aan 'n voorlopige verheldering en kommentaar op kritiese sake, soos dit in die kerke se antwoorde na vore gekom het. Een saak wat baie duidelik na vore kom, is dat die oorspronklike BEM-dokument in 'n soeke na eenheid nuwe weë moes baan en nuwe formulerings moes vind om weg te stuur van geykte dogmatiese terme en standpunte. Dit is duidelik dat dit nie altyd so maklik is nie en dikwels ook nie so suksesvol nie, aangesien baie van die geykte dogmatiese terme, ten spyte van hulle vermeende of werklike gebreke, tog kritiese aspekte van die inhoud wat bely word, op 'n helder manier tot uitdrukking bring. As voorbeeld word verwys na die verslag se verhelderende opmerking rondom die begrip 'erfsonde'. Die verslag sê: 'Some churches ask why the text on baptism did not use the term "original sin". This term has proved to be open to misunderstanding, but the reality envisaged by it, was addressed in B.3 where it is said that by baptism "the old Adam is crucified with Christ... and the power of sin is broken. The same reality is also recognised in the commentary to B.12 where it is said that "the infant is born into a broken world and shares into its brokenness". Although they are without personal guilt, infants share with all people in the common human sinfulness.'

Hoofstuk vyf handel oor die belangrike sake wat verdere navorsing benodig en wil sekere voorlopige oorwegings voorlê. In hierdie hoofstuk

blyk dat daar allesbehalwe ekumeniese eenstemmigheid is oor die saak van Skrif, Tradisie en tradisies. Daar is ook taamlik wydlopende verskille oor baie aspekte van die sakramentsleer.

Die gesprek oor die BEM-dokument het ook 'n nuwe belangstelling in die ekklesiologie laat ontwaak. Daar is veral gesoek na gemeenskaplike gesigspunte met betrekking tot die ekklesiologie, maar juis hierdie soeke na gemeenskaplike gesigspunte het dit duidelik na vore gebring dat daar nog baie verskille op ekklesiologiese gebied is, soveel so dat daar dringend na sekere aspekte van die ekklesiologie gekyk sal moet word.

Die opstellers van die rapport wat deurgaans optimisties is oor die vordering wat gemaak is met die eenheidsgesprek, is vas van mening 'what we are experiencing in the BEM event is an outpouring of God's blessing. We believe the churches are determined to deepen and extend the communion of sharing, celebration, mutual challenge and dialogue which has arisen around BEM'.

Ten spyte van die optimisme is dit tog duidelik dat daar nog 'n lang, stadige en pynlike pad wag met heelwat berge om te oorbrug. Die boek is egter van waarde vir elke student van die ekumeniese beweging, maar om behoorlik toegang tot die inhoud te verkry is 'n deeglike onderlegdheid in die dogmatiek nodig.

Die slapband-uitgawe is baie netjies versorg en goed gebind.

---

Olivier, S P 1990 – Fokus op Gelofte

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 73 bladsye. Prys R21.50

Resensent: Dr J M G Storm

Artikels oor Geloftedag wat die laaste paar jaar verskyn het, het byna almal negatief teenoor die dag gestaan of selfs gepleit vir die afskaffing daarvan. Daarom was dit aangenaam om weer 'n boek te lees waarin 'n doelbewuste keuse uitgespreek word vir die behoud van Geloftedag. Olivier (siende homself as 'n 'gewone, gelowige Afrikaner') wil graag met hierdie skrywe van hom opnuut besin oor die wese van die Gelofte. Daarin slaag hy, myns insiens, baie goed, omdat hy nòg apologeties, nòg hoogdrawend as 'n gelowige sy leser probeer bring by die bron van die Christelike erfenis, Christus self.

In vyf hoofstukke stel Olivier nuwe gedagtes oor

* wat die wese van die Gelofte is en wat dit behels;
* waarom dit plaasgevind het;
* waarom die Gelofte onderhou moet word.

In die laaste hoofstuk, wat, myns insiens, beslis die moeite werd is om te lees, gee die skrywer sy mening oor ons

* geloftebestemming;
* kersteningsverantwoordelikheid;
* gelofteantwoord.

Met groot verantwoordelikheid wil hy die inwoners van Suid-Afrika, dit wil sê elke individu, die owerheid, ja elke geslag, lei om ons binding met God te erken en die belydenis van ons geloof in God onomwonde te stel.

Olivier wil in die publikasie probeer aantoon dat die Gelofte nie plaasgevind het omdat die Trekkers as gelowiges in 'n uur van nood hulle hulp by God gaan soek het nie, maar eerder was dit 'n toets deur God of die nuwe 'volk' die volksbeslissing sou maak: 'Om God te kies.'

Die Gelofte is dus deur God gewil, dit was deel van 'n voorafgewilde plan, 'n geïnspireerde geleentheid waar die nuwe volk sy keuse moes uitoefen: òf ongebonde in sy verhouding met God, òf gelofte-gebonde waarin hulle 'n verbond met God aanvaar en aangaan waarvan hulle en hulle nageslag hulself nie kon of kan losmaak nie.

Om sy argument te staaf doen Olivier baie moeite om die volgende aan te toon:

* God het die Groot Trek gewil... dit was 'n geïnspireerde Trek (bl 22).
* Alle gebeure met betrekking tot hierdie volksbeweging, voor, gedurende en daarna moet gesien word as God se planmatigheid.
* So byvoorbeeld is selfs Sarel Cilliers willens en wetens deur God saamgestuur op Trek. Soos die Trek moes plaasvind, so moes Cilliers saamtrek ondat God later juis deur hom met die volk sou praat.
* Die Gelofte was 'n deur die Heilige Gees geïnspireerde geleentheid.
* Geen gelowige kan ontken dat die Godswil so agter die Trek gefunksioneer het nie.

Bogenoemde argumentasie is egter my grootste kritiek teen die boek. Hierdie 'geïnspireerdheidshipotese' van Olivier stel die raadsplan van God te oppervlakkig en eenvoudig voor. Natuurlik ontken geen gelowige God se planmatigheid in die geskiedenisgebeure en in ons lewens nie, maar om die Godswil so eenvoudig in die geskiedenis af te lees is geforseerd en ontneem die sondaarmens van al sy verantwoordelikheid.

Hierdie soort argumentvoering van Olivier verlei hom daartoe dat historiese feite en datums vir hom onbelangrik raak en maak hy aannames oor sekere sake wat nie meer aanvaar word in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Sake wat, myns insiens, debatvoering vereis, maar wat deur

Olivier bloot as feite gestel word, is byvoorbeeld die plek en die tyd van die Gelofte, die stelling dat Cilliers die leiding geneem het by Vegkop, die bewoording van die Gelofte en die bewering dat die Trekkers geen poging aangewend het om 'n selfstandige kerkorganisasie te stig nie.

Hierdie is nogtans 'n interessante boek wat gerus gelees kan word.

---

De Villiers, P G R (red) 1989 – The Bible and stress

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 159 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr J A van Biljon

Gedurende 1989 is 'n seminaar getiteld *The Bible and stress* by die C B Powell-sentrum aan die Universiteit van Suid-Afrika aangebied. Hierdie bundel is 'n samestelling van die referate wat deur 'n aantal akademici tydens die seminaar aangebied is.

'n Oorsig oor die uitgebreide reeks temas wat deur kenners behandel word, gee 'n aanduiding van die omvang en betekenis van hierdie werk:

- The image of man – an Old Testament perspective: prof P J van Dyk;
- Neighbourliness and the alleviation of stress – perspectives from the New Testament: mr G A van den Heever;
- Religion and neighbourliness? The phenomenon of stress in the framework of human meaning and goals: dr E van Niekerk;
- A theology of labour taking into account the stress factor: dr M H Keane;
- A biblical approach to sickness, suffering and death: dr C E T Kourie;
- Death and the family: mr S B Henen;
- Political tension – prophetic answer: dr N Horn;
- Combat-stress reactions: dr A H Potgieter;
- Stress and immunity: prof S I du Toit;
- Understanding societal stress and coping behaviour in the South African contect: prof W J Jordaan;
- Family stress in the eighties – being seperate together: prof J de J van Arkel.

Die mate waarin hoë stres die individu se gedragspatrone beïnvloed, word grotendeels bepaal deur haar/sy persepsie van die stresbelaaide situasie. Vanweë die feit dat sekere lewensgebeure, veral idiosinkratiese lewensgebeurtenisse, 'n individu se hanteringsvaardighede oorskrei, ontstaan 'n persepsie van depersonalisering. Verskeie medewerkers beklemtoon dat 'n

persoon se godsdienstige ingesteldheid – die aksiomatiese waarhede van beide Ou en Nuwe Testament – prioriteitsbepalend is. Die sinisme wat hoë stres meebring, kan tot 'n groot mate geminimaliseer word indien 'n Christen kreatief en generatief, hoopvolle alternatiewe bedink. Du Toit (bl 124) verwoord dit so: '[W]e must learn to utilise the stressors in society correctly, because stressors provide the opportunity for psychological, bodily and spiritual growth.'

Die bundel opstelle openbaar ongelukkig hier en daar tekortkominge wat meermale voorkom waar 'n groep outeurs aan 'n projek saamwerk. Die leser vind byvoorbeeld nêrens 'n bevredigende uiteensetting van die relevante sielkundige faktore wat onderliggend is aan interne en eksterne stresbelaaide lewensituasies nie. Sommige regstellende aksies wat deur die medewerkers aangebied word is te simplisties.

Jordaan (bl 126-141) se bydrae is egter uitstaande. Hy bied 'n transaksionele model aan wat die waardering-herwaarderingsproses in die behartiging van stres vindingryk behandel. Die relevansie van sy bydrae lê in die daarstel van alternatiewe persepsies wat aanduidend is met betrekking tot die huidige samelewingsstres in die Suid-Afrikaanse konteks.

Hierdie bundel se waarde lê daarin dat dit vanuit 'n Bybelse perspektief insigte bied ten opsigte van 'n sielkundige steurnis. 'n Steurnis ontstaan wanneer 'n persoon nie sy/haar persepsies van hoë stres herdefinieer nie; aan die ander kant kan 'n individu nie lewenseise hanteer sonder matige stres nie.

---

**Kirk, J A 1990 – Liberation theology in brief**

Potchefstroom: Instituut vir reformatoriese studies (Studiestuk 275/276). 39 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Prof H G van der Westhuizen

Die skrywer, dr J A Kirk, word, behalwe vir sy adres, te wete Middlesex, Engeland, nie nader bekend gestel nie. Hy het die onderhawige studie as 'n referaat voorgehou by die *Association of Evangelicals in Africa and Madagascar* (AEAM) in Desember 1989.

Gesien die inhoud is dit enigermate bevreemdend om genoemde vereniging daarmee te assosieer. Weliswaar word die inhoud van Bevrydingsteologie onder die pretensie van objektiwiteit weergegee. Tog skemer daar heelwat kommentaar ten gunste van genoemde teologie deur.

Reeds in die inleiding word positief gestel dat die Bevrydingsteologie twee ore het (asof dit andersins nie

normaal is nie), 'one...firmly to the ground of real life...the other ear attuned to fresh ways of hearing God's voice speaking out of the incarnate, written and practically engaged Word'.

In Hoofstuk 1 word die hooftake van die teologie vasgestel. Die Bevrydingsteologie sien homself as 'theology from the edge of humanity' en as 'theology from the underside of history' (bl 1). As basiese aannames word gestel:

* Theology is critical reflection on the teaching and practice of the church.
* The church's mission arises out of its historical context.
* Theology must become concrete through interaction with the social sciences.
* Theology cannot be divorced from ideology.

Gutierrez het gesê dat dit teologie is 'to turn things upside from below' (bl 6).

In hoofstuk twee word die bekende eensydigheid van die Bevrydingsteologie se stelling dat God die partyganger van die armes is sonder ontmaskering aangebied.

Hoofstuk drie veronderstel om oor die Messias wat die dood oorwin het, te handel. Nogtans word weer eens oor Jesus Christus 'who reveals the God of the poor [He is God born poor]' gehandel (bl 14).

Eweneens wek hoofstuk vier ook hoë verwagtinge met 'n opskrif oor die Heilige Gees wat lewe gee. Die inhoud kan egter deur die volgende getipeer word: 'A major sign of life in the Spirit of Jesus has to be the breaking down of racial and other barriers in the Christian community' (bl 20).

Veral in hoofstuk vyf word die verwagting om alles in fokus te kry, teleurgestel. Die skrywer sê dat Bevrydingsteologie drie lesse vir die kerk het:

* Theology flows from God's activity in the world.
* Patterns of church life must reflect the Gospel, and not unredeemed culture.
* Mission is to take a preferential option for the poor.

Aangesien die skrywer werklik nêrens 'n wetenskaplik verantwoordbare ontleding van die diametraal teenoorgestelde uitgangspunte van die reformatoriese teologie en Bevrydingsteologie bied nie, kom hy by stelling soos, 'linking text and context in such a way that neither can remain on its own' en 'the purpose of theology is to "read the signs of the times"'. Ten slotte kom die skrywer wel by 'n paar vrae wat vir hom onbeantwoord is.

Verder bevat die publikasie twee bylaes: 'The church and politics in South America' en 'Do the poor always have to be with us?'

Die slapband gekramde brosjure is baie fyn gedruk. Die verdienste van die werkie is ook maar klein.

---

Kritzinger, J N J & Saayman, W A 1990 – Mission in creative tension: A dialogue with David Bosch

Pretoria: SA Missiological Society. 269 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr D J C van Wyk

Prof David Bosch, bekende sendingwetenskaplike aan die Universiteit van Suid-Afrika, was gedurende 1990 sestig jaar oud. Vanweë die belangrike rol wat hy gedurende die afgelope meer as twintig jaar in die Suid-Afrikaanse Sendingwetenskaplike Werkgemeenskap gespeel het, is besluit om die 1990-kongres van dié liggaam te wy aan 'n dialoog met Bosch se missiologiese denke. Al die voordragte van die kongres plus nog twee artikels is daarna in die vorm van hierdie *Festschrift* aan Bosch opgedra.

In die tema van die kongres en in die voorwoord tot die publikasie is Bosch se sendingwetenskap getipeer as *A missiology of the road*. Daarmee is gepoog om Bosch se oopheid na die wêreld rondom hom te skets, ook dat sy teologie nooit 'n geslote sisteem was nie maar altyd oop gebly het vir nuwe insigte, dat hy verder nie 'n ivoortoring-teologie beoefen het nie, maar 'n teologie van die stowwerige paaie van die lewe.

Met die titel van die boek is ook uitdrukking gegee aan 'n verdere essensiële taak van Bosch se missiologie, naamlik die begeerte om skynbaar onversoenbare teologiese aksente in kreatiewe spanning vas te hou.

Voorafgaande aan sy akademiese loopbaan aan die universiteit het Bosch praktiese sendingwerk in die Transkei gedoen. In 1979 was hy voorsitter van SACLA en tans van die Nasionale Inisiatief vir Versoening.

Die werk bestaan uit negentien artikels, waarvan elk deur 'n ander outeur geskryf is:

* Livingstone, K – David Bosch: An interpretation of some main themes in his missiological thought.
* König, A – Apocalyptic, theology, missiology.
* Kritzinger, J N J – Liberating mission in South Africa.
* Ter Haar, G – Power and powerlessness in medical mission.
* De Gruchy, J W – Towards a constructive South African theology: A revisionist confessing perspective.
* Du Plessis, J G – For reasons of the heart: A critical appraisal of David J Bosch's use of Scripture in the foundation of Christian mission.

- Nicol, W – The cross and the hammer: Comparing Bosch and Nolan on the role of the church in social change.
- Saayman, W – Bridging the gulf: David Bosch and the ecumenical/evangelical polarisation.
- Pillay, G J – Text, paradigms and context: An examination of David Bosch's use of paradigms in the reading of Christian history.
- Deist, F E – Notes on the context and hermeneutic of Afrikaner civil religion.
- Kritzinger, J J – Mission and evangelism: A critical appraisal of David Bosch's views.
- Robinson, P J – Mission as ethos/Ethos as mission.
- Mofokeng, T A – Mission theology from an African perspective: A dialogue with David Bosch.
- Burden, J J – No-one is an island: Proverbs, context and the Bible.
- Du Preez, J – David Bosch's theology of religions: An exercise in humility.
- Nürnberger, K – Salvation or liberation? The soteriological roots of a missionary theology.
- Daneel, M L – Exorcism as a means of combating wizardry: liberation or enslavement?
- Meiring, P G J – 'Your will be done: Mission in Christ's way': Discerning God's will for mission in South Africa...tomorrow.
- Sundermeier, T – Missiology yesterday and tomorrow.

Om 'n uiteindelike evaluering van hierdie omvattende werk vir lesers in perspektief te plaas, maak ons 'n paar kort grepe uit enkele artikels.

In sy artikel behandel Livingstone die eskatologiese, ekklesiologiese en soteriologiese dimensies van Bosch se sendingteologie. Bosch is 'n verbete teenstander van apartheid. Volgens hom tas apartheid die wese van die kerk as gemeenskap van versoening aan. Enige kerk wat sy deure sluit vir gelowiges uit ander etniese agtergronde plaas daarmee kulturele verskeidenheid bo die kennis van Christus en word slagoffer van 'n nie-Christelike ideologie. Hiervolgens verklaar Bosch apartheid as kettery.

So word die eenheid van die Ned Geref Kerkfamilie vir Bosch die toetssteen van die Kerk se getuienis in die wêreld.

Terselfdertyd het Bosch egter ook ernstige kritiek teen die Kairosdokument en teen die Bevrydingsteologie in die algemeen. Hoewel hy instemming het met baie punte wat in die Kairosdokument staan, verset hy hom ernstig teen die gedagte in die dokument dat die beantwoording van geweld met geweld onafwendbaar is. So word 'n psigologiese basis vir haat en revolusionêre geweld gelê en dit sou beteken dat die kerk self niks meer van die verdrukker verskil nie.

Bosch wil werk vir sosiale verandering maar sonder om die nie-gewelddadige karakter van die evangelie te kompromitteer. Met sy konsep van die kerk as alternatiewe gemeenskap wil Bosch aan die nie-gewelddadige karakter van die kerk vashou maar ook die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van sosiale verandering bly beklemtoon.

König se artikel is 'n sterk kritiek op Bosch se negatiewe bejeëning van die apokaliptiese raamwerk en interpretasie van die Nuwe Testament en die skerp skeiding wat hy steeds tussen apokaliptiek en eskatologie maak.

Kritzinger skets die buitelyne van wat hy noem 'n bevrydingsmissiologie (dit is sending verstaan as bevryding). Hy begin sy artikel met 'n geloofsbelydenis (bl 39): 'Having come to know Black theologians and having seen something of the underside of South African society, I can no longer go on believing with my back turned to the catastrophe of apartheid. This experience and this choice shapes the whole of my theology.' Die sending moet volgens Kritzinger 'n onvoorwaardelike keuse, 'n opsie vir die armes en onderdruktes maak.

Hy neem sy uitgangspunt in *Black Theology* en wil 'n benadering van solidariteit met dié teologie handhaaf. Die skerp onderskeid van vroeër tussen Black Theology en Afrika-teologie word nie meer vandag deur teoloë getrek nie. Die twee teologieë word al meer parallelle strome in swart denke. Hoewel 'n vorm van swart protesteologie teruggaan sover as die ontstaantyd van die eerste onafhanklike kerke in Afrika in die laat negentiende eeu, het dit nooit veel verskil van die Westerse teologie nie. Black Theology is die eerste werklike vorm van Bevrydingsteologie wat op Afrikabodem ontstaan het. By hierdie bevrydingsteologie uit eie bodem wil Kritzinger aansluit.

Om sending as bevryding te tipeer, gebruik Kritzinger die begrip 'holisme'. Hy verwerp die beskuldiging wat dikwels teen Bevrydingsteologieë gemaak word naamlik dat dit hom net bemoei met die sosio-politieke en nie ook met die geestelike en persoonlike heil van die mens nie. In die holistiese verstaan van bevryding is die persoonlike, kerklike en sosiale dimensies van die werklikheid geïntegreer.

Omdat die verandering van sosiale strukture so dikwels gekritiseer word, en daaraan goed bekend is, beperk die skrywer hom tot die ander twee dimensies: persoonlike bekering en die evangelisering van die kerk. Ten opsigte van persoonlike bekering is dit nie net die onderdrukkers wat van hulle blanke mentaliteit gedekoloniseer moet word nie; ook die onderdruktes self moet bekeer word. Gedurende drie eeue van koloniale onderdrukking het swartmense geleer

om die negatiewe blik wat witmense op hulle het, oor te neem. Dit het gelei tot 'n destruktiewe selfbeeld, slawementaliteit, minderwaardigheidskompleks en permanente afhanklikheid van ander. Wat in Suid-Afrika nodig is, is 'n 'non-white-to-black conversion' (bl 42). Die eerste woord van die evangelie aan onderdruktes behoort 'n wekroep te wees om op te staan. As onderdruktes van die kerk net hoor dat hulle sondaars is, is dit geen blye boodskap nie maar dra net by tot hulle onderdrukking. 'Christian Mission cannot be liberating in its effect on the lives of oppressed people unless it exercises this empowering, humanising and uplifting function' (bl 42).

Hierdie opheffende funksie is die eerste dimensie van die bekering van die onderdruktes. Die tweede dimensie is die bekering tot stryd. Die strukture wat verantwoordelik is vir die onderdrukking moet beveg word.

Wat die kerk betref, is dit ook nodig om die holistiese aard van sending as bevryding vas te hou. Die skrywer meen dat sowel by die swart as die wit kerke verandering (re-evangelising) moet kom. Die swart kerk kan slegs 'n instrument in die mobilisering van die swart gemeenskap tot stryd word indien sy liturgie sodanig verafrikaniseer word dat 'n gees ('spirituality') van stryd ontstaan. Hoewel swart teoloë toegee dat die onafhanklike swart kerke ernstig geneem moet word, is daar 'n wye misnoegdheid met die skynbare vertikale en a-politiese benadering van dié kerke.

Die wit kerk moet op sy beurt van sy individualistiese mentaliteit bekeer word tot 'n holistiese benadering van lewe en werklikheid. Klein groepe wit Christene moet begin om hulle geloof relevant te maak vir die geheel van die lewe van die mens. So kan 'n relevante Christendom ook onder blankes ontwikkel.

In sy pleidooi vir die ontwikkeling van 'n konstruktiewe Suid-Afrikaanse teologie, bied De Gruchy 'n oorsig oor verskillende teologieë wat in Suid-Afrika sedert 1948 en veral na 1960 ontstaan het en waaruit so 'n konstruktiewe teologie verder moet ontwikkel. Hy onderskei 'n belydende teologie, swart teologie en profetiese teologie. Al dié teologieë het as antwoord op en in die *konteks* van die stryd teen apartheid ontstaan. Dié teologieë het ook nie in kerklike kommissies, seminare en teologiese fakulteite ontwikkel nie maar in parakerklike en ekumeniese organisasies soos die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Instituut vir Kontekstuele Teologie, studentegroepe en die jaarlikse kongresse van die Suid-Afrikaanse Sendingwetenskaplike Werkgemeenskap. Dit het uit woorde en dade van profesie of belydenis binne 'n bepaalde sosiale konteks en op 'n bepaalde historiese moment gegroei.

Hierdie teologieë onderskei De Gruchy van die akademiese en handboekteologieë van die professionele teoloë. Dié teologieë hoef nie noodwendig vyandig teenoor mekaar te staan nie. Hulle het mekaar nodig en kan mekaar aanvul. Die groot verskil is dat, terwyl akademiese teologie onbetrokke bly ten opsigte van die daaglikse menslike vraagstukke, konstruktiewe teologie reageer en respondeer op gebeure en situasies in tyd en konteks.

Die drie genoemde anti-apartheidsteologieë staan wel lynreg teenoor Afrikaner-Calvinisme. Dit moet selfs onderskei word van die tradisionele teologieë wat uit Europa ingevoer is – of dit die ortodokse, evangeliese, liberaal-Protestantse of Rooms-Katolieke teologie is.

Uit hierdie drie anti-apartheidsteologieë sien De Gruchy die moontlike ontwikkeling van 'n konstruktiewe teologie wat in die post-apartheidsfase nodig gaan wees vir die vorming van die nuwe nasie 'waarvoor ons veg en bid'.

Nicol gaan in op Bosch se siening en houding ten opsigte van die kerk se rol in sosiale verandering. Hy doen dit by wyse van 'n vergelyking tussen Bosch en Albert Nolan. Uit die vergelyking word dit duidelik dat, totaal anders as Nolan, Bosch nie van die kerk op reglynige wyse 'n aktiewe agent van sosiale verandering wil maak nie. Verlossing beteken vir Nolan dat die kerk aktief moet deelneem aan 'die stryd'. Bosch meen die kerk moet 'n afstand behou. Dit beteken nie dat Bosch die kerk se bydrae tot sosiale verandering as iets sekondêr sien nie. Hy sien dit as wesenlik deel van die kerk se sending. Vir Nolan is die hermeneutiese sleutel *mag*, vir Bosch is dit *die kruis*.

Nicol gee toe dat een van die grootste gevare vir die kerk op die oomblik is dat sy boodskap totaal verpolitiseer kan word; die goeie nuus van verlossing word opgelos in die goeie mens van wat God in die politiek doen. Die krag van Bosch se teologie is juis dat, ongeag sy fel verset teen die opset in Suid-Afrika, verlossing die sentrale in sy teologiese denke bly.

Maar tog vind Nicol dit vreemd dat Bosch tot so laat as in 1985 nie so ver kon kom om Christene in Suid-Afrika openlik aan te moedig om aan die bevrydingstryd deel te neem nie. Volgens Nicol is politiek en geregtigheid na die periferie van Bosch se denke verdring terwyl versoening en kerk sy denke monopoliseer. Terwyl Nolan tradisionele teologie radikaal herinterpreteer, bly Bosch basies in lyn daarmee. Bosch se dialektiese houding vind Nicol gesimboliseer in sy voorsitterskap van SACLA en die NIV. Dié dialektiese houding kan by Bosch teruggevoer word na sy piëtistiese en neo-Calvinistiese agtergronde in die Nederduitse Gereformeerde

Kerk met sy skeiding tussen godsdiens en politiek; ook na sy studie onder Oscar Cullman wat skerp skeiding gemaak het tussen sekulêre- en heilsgeskiedenis; verder ook na sy studie onder Karl Barth in wie se teologie daar 'n duidelike a-historiese tendens is.

Daar is volop rede en motivering om die lees en bestudering van hierdie werk by lesers van *Hervormde Teologiese Studies* aan te beveel. Veral lesers wat geïnteresseerd is in die Suid-Afrikaanse vorme van die Bevrydingsteologie, die anti-apartheid versetsteologie en die Suid-Afrikaanse ekumeniese sendingteologie vind hier vrugbare en omvattende materiaal. 'Mission will be an empowerment of the weak with the biblical message of resistance to tyranny, so that they may be rise up to become agents of their own liberation... It may be to understand God anew in the footprints and actions of the oppressed...It may also constitute learning that God's footprints may be found more in society among God's people than in the institutional church' (Mofokeng, bl 178).

Die werk slaag in sy doel naamlik om in dialoog met David Bosch, sy teologiese visies en veral sy posisie ten opsigte van die kerk se taak in die Suid-Afrikaanse samelewing te skets.

Maar daarmee is terselfdertyd die gebreke van dié bundel opstelle aangetoon. Die pretensie in die voorwoord is om teoloë uit 'n wye spektrum met Bosch in gesprek te laat tree, ook teoloë wat sterk van hom verskil. Hoewel dié verskille daar mag wees, staan al die deelnemers aan dié debat binne die lyne van die ekumeniese sendingteologie en die Bevrydingsteologie. Dit bly maar 'n monoloog van dié teologie met homself.

Dit lei tot simplistiese en oppervlakkige uitsprake en veralgemenings wat die wetenskaplike gehalte skaad en die teologiese balans versteur; so byvoorbeeld die maklike gelykstelling van 'volkskerk' met 'etniese kerk' (Robinson, bl 164); so ook die veralgemeende teruglei van Afrikaner-Calvinisme as sodanig na 'n Neo-Calvinistiese, Kuyperiaanse oorsprong met sy dogmas oor algemene genade en algemene openbaring in die bydrae van Deist oor die Afrikaner se burgerlike godsdiens.

'n Mens kry tog die indruk dat hierdie teologie, hoe skerp in sommige van sy fasette ook al, hom nie graag blootstel aan indringende diskussie met gespreksgenote buite sy eie dampkring nie, al beroep hy homself voortdurend op sy gretigheid en oopheid vir gesprek.

In die teologie van hierdie werk is daar iets van 'n doelbewuste verwydering en distansiëring van die objektiewe reformatoriese teologie met sy beklemtoning van sonde, vryspraak

en vergewing, ook van die verbondsgedagte in die Bybel.

Daar sal gesien moet word of hierdie teologie slaag om nuwe konstruktiewe inhoud in die post-apartheidsfase te vind.

---

Pass, D B 1990 – Music and the church: A theology of church music

Nashville: Broadman Press. 131 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr D J C van Wyk

Die probleem wat die skrywer in die inleiding van sy werk stel, is dat Christene vandag nie in staat is om op Christelike wyse te reageer op en in 'n verantwoordelike houding en verhouding te kom tot musiekstyle in die hedendaagse kultuur en samelewing nie. Dié probleem skryf hy toe aan die afwesigheid van 'n teologie van die musiek in die algemeen en kerkmusiek in die besonder. Sy doel met hierdie werk is dan om so 'n teologie van die musiek en die kerkmusiek te ontwikkel.

Pass toon aan dat tot dusver eintlik nog altyd net op deskriptiewe wyse oor kerkmusiek gehandel is. Dit wil sê, al die Bybelse uitsprake oor musiek word georden en daarna word 'n geskiedenis van die kerklied deur die eeue geskryf. Daar word selde gekom tot die normatiewe: So behoort die kerk musiek, hier en nou, te gebruik.

Die gevolge van hierdie gebrek aan 'n teologie van kerkmusiek is dat diegene wat musiek in die kerk maak sowel as diegene wat besluite in die kerk moet neem, nie oor 'n rasionaal beskik vir wat hulle moet doen nie. Die verdere gevolg is dat baie kerkmusici meer van hulle musiek as van Jesus Christus af weet. Pass toon ook aan dat die inheemswording van die kerk in Afrika hierdeur gestrem is.

Maar sonder teorie is praktyk ook nie moontlik nie. Dié wat betrokke is, òf in die besluitneming oor, òf in die beoefening van kerkmusiek, moet ingewy wees in die onderliggende teorie en beginsels van hulle dissipline.

In twee volgende hoofstukke poog Pass om in aansluiting by Bybelse inhoude oor skepping, onderhouding en verlossing, tot die ontwikkeling van 'n teologie van die musiek te kom. Van hieruit kom hy onder andere tot die konklusie dat musikale diversiteit net so in ooreenstemming is met die wil van God as kulturele en taalkundige diversiteit. Dit beteken dat geen musikale styl meerderwaardig of minderwaardig is ten opsigte van ander musikale style nie. Geen musiekstyl is spesifiek 'Bybels' nie. Die Bybel, en veral die Ou Testament, staan onverskillig teenoor sulke kwessies. Die Bybel is meer geïnte-

resseerd in die musiekmaker as in die styl van sy musiek.

Daarom, sê Pass, is alle musiekstyle geskik om die evangelie te kommunikeer. Betekenis van musiek is in ons kop, nie in die musiek nie. Hy verwerp daarom die opvatting dat sekere twintigste-eeuse musiekstyle op sigself vreemd en onbruikbaar is in diens van die evangelie. Om dit te doen, kom neer op 'n twintigste-eeuse ekwivalent van sommige vroeë Christene se weiering om vleis wat aan afgode geoffer is, te eet.

In sy laaste twee hoofstukke kom die skrywer dan eers aan die hand van die Bybelse en teologiese inhoude oor kerugma, *koinonia* en liturgie tot wat hy sien as model vir die kerk. Daarna ontwikkel hy 'n teologie vir kerkmusiek gebaseer veral op Kolossense 3:16. Na analogie van sy kerkmodel konstitueer hy dié kerkmusiekteologie in kerugmatiese, *koinonia*-en liturgiese musiek.

Pass is in werklikheid nie die eerste teoloog wat 'n teologie van die kerkmusiek probeer ontwerp het nie. Die Duitse teoloog, Oskar Söhngen het dit ook al gedoen.

En teen die teologiese fundering van musiek en kerkmusiek is al ernstige beswaar ingebring. Karl Barth se bekende uitspraak dat die openbaring van God alleen in die woord vervat is, wek al dadelik ernstige vrae.

Op Söhngen se konstruksie het ook J G de Bruijn (Meedelingen. Instituut voor liturgiewetenskap, Rijksuniversiteit, Groningen, Sept 1982, bl 42-47) ernstige kritiek uitgespreek. Taal, sê De Bruijn, het 'n boodskap, musiek nie. Musiek het wel invloed, positief of negatief, maar kan musiek so 'n uniforme inwerking hê dat vir alle gelowiges daarmee dieselfde boodskap duidelik word? Kan musiek byvoorbeeld die vergewing van sonde vertolk? Taal is op die verstand gerig en daarom baie meer eenduidig as musiek, wat op die gevoel gerig is.

Algemeen-geldende uitsprake kan nie deur musiek gemaak word nie. Musiek het nie op alle gelowiges dieselfde uitwerking nie.

Heelwat van dié kritiek sou ook teen die werk van Pass ingebring kon word. Nietemin is sy werk 'n prikkelende bydrae tot hierdie onderwerp wat deeglike kennisname verdien. Daarom word dit van harte aanbeveel. Die gebreke aan 'n teologiese raamwerk waarbinne teoloë, predikante en kerkmusici oor kerkmusiek kan praat, is ook in Suid-Afrika en in die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n akute probleem. Dit veroorsaak swak kommunikasie en ernstige misverstande. Dit lei onder andere tot die uitspraak dat maklike singbaarheid die enigste norm vir die kerklied is. 'n Ewewigtige gesprek oor die *singbaarheid* sowel as die *gepastheid* van die musiek as draer van die berymde kerklied, word onmoontlik. Daarom,

al is Pass se werk dan net 'n protes teen die oppervlakkigheid in die hedendaagse kerkmusiek, bly dit steeds 'n aanbevelenswaardige werk.

David B Pass is 'n bekende musikus in Amerika en Engeland. Hy is tans seniordosent in Bybelkunde en religieuse studie aan die *Witwatersrand College of Education*.

---

Van Elderen, M 1990 – Introducing the World Council of Churches

Geneva: W C C Publications. 174 bladsye. Prys 15 Switserse Frank

Resensent: Dr D J C van Wyk

Van Elderen, redakteur van *One World*, maandelikse tydskrif van die Wêreldraad van Kerke, stel in ses hoofstukke die Wêreldraad van Kerke en sy werk aan lesers voor.

Dit doen hy aan die hand van 'n paar basiese vrae: Wat is die wêreldraad van Kerke? Waar kom die Wêreldraad vandaan? Wat doen die Wêreldraad? Hoe doen hy dit?

In 'n eerste hoofstuk behandel die skrywer die vraag: Wat is die Wêreldraad van Kerke? Hy oorweeg eers 'n verskeidenheid antwoorde soos wat dit dikwels deur waarnemers van buite verstrek word. Die regte antwoord is egter dat die Wêreldraad 'n gemeenskap van kerke is: 'The World Council of Churches is a fellowship of churches which confess the Lord Jesus Christ as God and Saviour according to the Scriptures and therefore seek to fulfill together their common calling to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.' Dit is soos die Wêreldraad van Kerke homself in sy konstitusie (basis) sien. Dié dokument is nie 'n belydenis in die gewone sin van die woord nie, maar 'n uitdrukking van hoe die Wêreldraad self sy eie fundering sien.

Die bymekaar-wees, die gemeenskap van kerke soos dit in die Wêreldraad gestalte kry, val verder in verskeie aksente uiteen: '...being together, staying together, working together, growing together, worshipping together'.

Toe die Wêreldraad van Kerke in 1948 in Amsterdam gestig is, was daar verteenwoordigers uit 147 kerke teenwoordig, hoofsaaklik uit Europa en Noord-Amerika. Tans bestaan die Wêreldraad uit meer as driehonderd kerke afkomstig uit meer as honderd lande vanoor die hele wêreld.

Die gemeenskap van kerke soos in die Wêreldraad beliggaam, wil uitdrukking gee aan die eenheid in Christus wat daar is tussen almal wat in Hom glo. Dié eenheid is 'n gegewe eenheid. Dit kom nie eers tot stand deur die gemeenskap van kerke nie. Hierdie gegewe eenheid in Christus wil die Wêreldraad sigbaar maak. Die Wêreldraad kan geen genoeë

neem met 'n vae ooreenstemming oor 'n mistieke eenheid van alle Christene nie.

Vervolgens verstrek Van Elderen 'n antwoord op die vraag: Waar kom die Wêreldraad vandaan? Indien die Kerk voortgegaan het om die beeld, soos dit in Handelinge 2:44-47 geskets is, te vertoon, sou 'n organisasie soos die Wêreldraad van Kerke nooit nodig gewees het nie. Die onderlinge gemeenskap daar, net na Pinkster, beantwoord aan die eis van Jesus in Johannes 17:21 oor die eenheid van die kerk. Die volgende paar hoofstukke van Handelinge beskryf egter hoedat dié onderlinge eenheid en gemeenskap ernstig versteur is. In die loop van die volgende eeue het groot skeurings die eenheid van die kerk ru geskend, onder andere dié in die vyfde eeu na die Konsilie van Chalcedon en weer in die elfde eeu. Dié twee skeurings het die breuk tussen die Rooms-Katolieke Kerk in die Weste en die Oosters-Ortodokse Kerk bestendig. Daarna volg in die sestiende eeu die breuk tydens die Reformasie.

Enkeles het egter altyd die ideaal oor die eenheid van die kerk vasgehou. In die laat negentiende eeu was dit veral die drang om die evangelie in die hele wêreld te gaan verkondig wat die eenheid van die kerk in Europa en Noord-Amerika sterk na vore laat kom het. Dit is die agtergrond waarheen die Wêreldraad sy wortels terugvoer. Die skrywer gee dan 'n beknopte oorsig van die geskiedenis van die ekumeniese beweging vanaf Edinburgh in 1910 tot Canberra in 1991. Hy skets ook die bydrae wat die bewegings vir *Geloof en Kerkorde*, *Lewe en Werk*, die *Wêreldfederasie van Christenstudente* en die *Wêreld-Sondagskoolassosiasie* gemaak het. Die tien jaar voorafgaande aan 1948 was, naas die Wêreldoorlog, jare van voorbereiding vir die stigting van die Wêreldraad van Kerke. Teen 1948 is die ekumeniese gees weer 'n keer gestrem deur die opkoms van die koue oorlog. Dit vind by die stigtingsvergadering van die Wêreldraad in Amsterdam onder andere uiting in 'n botsing tussen die Amerikaanse Presbiteriaan John Foster Dulles, later Amerikaanse minister van buitelandse sake en die Tsjeggiese teoloog Josef Hromadka. Dit was 'n botsing tussen die belange van kapitalisme en kommunisme. Die vergadering in Amsterdam verwerp egter die aanname dat kommunisme en kapitalisme die enigste alternatiewe is, doen 'n ernstige oproep vir 'n 'Responsible Society' en verklaar met vasbeslotenheid, 'We intend to stay together'. Die skrywer skets die Wêreldraad se verwerping van rasseskeiding, veral rondom Cottesloe in 1960 en die Suid-Afrikaanse rassebeleid.

In die middel van die vyftigerjare haal die Wêreldraad, soos telkens daarna, homself ernstige kritiek op die hals met sy inmenging in politieke

aangeleenthede. Na die Hongaarse opstand en Russiese inmenging is die Wêreldraad beskuldig dat hy die opstand aangemoedig het. Byna gelyktydig volg die Suezkrisis, die Brits-Franse-Israeli-aanval op Egipte en die Wêreldraad se veroordeling daarvan. Dit skep ernstige spanning by Franse kerkleiers.

Interessant is die outeur se beskrywing van die formulering van verskeie bekende en invloedryke programme van die Wêreldraad: dié oor 'rapid social change' in 1955 asook die 'Programme to Combat Racism' in 1969.

Verder blyk weer eens die belangrikheid van die Wêreldraad se *Konferensie vir Kerk en Samelewing* in 1966. Hier word die verskuiwing van die swaartepunt binne die Wêreldraad weg van Europa en Noord-Amerika na Afrika en Asië sigbaar. Terselfdertyd kom die Wêreldraad onder hewige druk om homself sterker te wy aan radikale politieke aksies vir geregtigheid en vryheid.

Die Wêreldraad se dialoog met aanhangers van ander godsdienste lei tydens die Nairobi-vergadering in 1975 tot ernstige bedenkinge oor sinkretisme toe 'n Boeddhis, Hindoe, Jood en Moslem na die byeenkoms genooi word. Dit lei ook tot vrees dat die Wêreldraad sy sendingbemoeienis al meer sou afwater. Verdere spanning groei binne die Wêreldraad met die groot geldelike skenking aan die Patriotiese Front van Zimbabwe in 1978 tydens die terroriste-oorlog. Na 'n reeks byeenkomste in Zimbabwe en Zambië tussen 1985 en 1988, kom die Wêreldraad tot die kondonering van geweld in die stryd teen die Suid-Afrikaanse regering. So skets Van Elderen die geskiedenis van die Wêreldraad as 'n inspannende stryd om by wat hy as sy wesenlike bestemming sien, uit te kom, naamlik 'the whole task of the whole church...to the whole world'.

Vervolgens kom die outeur by die vraag: Wat doen die Wêreldraad van Kerke? Dit beantwoord hy in aansluiting by die Wêreldraad se konstitusie onder vier hoofpunte: kerkeenheid, getuienis, diens en vernuwing. Daarna vind die leser in twee hoofstukke 'n uitgebreide antwoord op die vraag: Hoe werk die Wêreldraad van Kerke? Dit is 'n insiggewende en leersame uiteensetting van die ingewikkelde strukture van die Wêreldraad. Die skrywer behandel ook die samestelling van die Wêreldraad van Kerke. Hy gaan in op die verhouding van die Oosters-Ortodokse Kerke tot die Wêreldraad, ook die Rooms-Katolieke Kerk, die Pinksterkerke, die onafhanklike kerke in Afrika en Latyns-Amerika. Hy behandel ook die posisie van ander ekumeniese liggame tot die Wêreldraad van Kerke.

Die boek van Van Elderen is 'n bruikbare gids om die Wêreldraad

van Kerke goed te leer ken, juis veral vanweë die feit dat dit wat volume betref, nie te omvangryk is nie.

Die slothoofstuk is wel teleurstellend. Die pretensie om die Wêreldraad en sy werk te evalueer, word oppervlakkig hanteer en van 'n kritiese ingaan op al die knelpunte rondom die Wêreldraad van Kerke kom niks. Die groot betekenis van die werk is geleë in die enorme hoeveelheid saaklike, korrekte inligting oor die geskiedenis en werk van die Wêreldraad van Kerke deur 'n persoon wat daagliks en intens naby die hartklop van dié omvangryke en invloedryke wêreldorganisasie werk en leef.

---

Castro, E (comp) 1990 – To the wind of God's Spirit: Reflections on the Canberra theme

Geneva: W C C Publications. 103 bladsye. Prys $8.50

Resensent: Ds E J Vledder

'To the Wind of God's Spirit that blows where it wills, free, freedom-bringing, victor over Law, over Sin, over Death.' Hierdie inleidende woorde van die gedig van Pedro Casaldáliga is tegelyk die titel van die saamgestelde werk van Emilo Castro oor die Heilige Gees, wat die tema was van die byeenkoms van die Wêreldraad van Kerke in Canberra, Australië, in Februarie 1991. Hierdie werk is saamgestel as werksdokument vir die deelnemers aan die byeenkoms, maar ook vir 'n wyere leserskring. Om 'n idee te vorm oor die strekking van die boek word die titels van die artikels en die skrywers daarvan eers weergegee:

* Casaldáliga, P – Fire and ashes in the wind.
* Lemopoulos, G – The icon of Pentecost.
* Outler, A C – Pneumatology as an ecumenical frontier.
* Rosato, P J – The mission of the Spirit within and beyond the church.
* Moltmann, J – The scope of renewal in the Spirit.
* Schweizer, E – On distinguishing between Spirits.
* Samartha, S J – The Holy Spirit and people of other faiths.
* Tillard, J-M R – Spirit, reconciliation, church.
* Ukpong, J S – Pluralism and the problem of the discernment of spirits.
* Orthodox reflections on the assembly theme.
* The Spirit is troubling the water.
* Baxter, J K – Song to the Holy Spirit.

Die inhoud van die tien artikels en twee gedigte word onder drie hoofde saamgevat waardeur die essensie van

die boek na vore sal kom, naamlik: Die Gees as beginsel van eenheid, die Gees as agent vir betrokkenheid in die kosmos en die gawe van die Gees om die geeste in die ander godsdienste te onderskei.

## DIE GEES AS BEGINSEL VAN EENHEID

Nadat die Heilige Gees op die dissipels uitgestort is (Hand 2:1-4), kon hulle nie meer swyg nie. Die Heiige Gees het hulle gedring om aan 'n verdwaasde wêreld van die groot dade van God te verkondig. Hulle moes almal uitnooi tot eenheid want hulle het geweet dat die eenheid van die liggaam van Christus en die eenheid van die kerk, daartoe kon bydra om die hele mensdom te vernuwe (bl 8). Veral Outler (bl 13-14) gaan in op die eenheid, wat hy pneumatologies wil fundeer. Hy haal die Pauliniese metafoor van die liggaam met sy verskeie funksies aan om die eenheid in die kerk te illustreer: 'The human body was a vivid metaphor for organic unity in very real diversity, in vital homoeostatis' (bl 14). Hierdie eenheid kan slegs verstaan word as 'n gawe van die Heilige Gees. Dit is alleen die teenwoordigheid van die Gees wat die Christendom in staat stel om sy essensiële identiteit te behou te midde van 'n groot verskeidenheid in liturgie, teologie, gewoontes, tale, kulture en politieke sieninge. 'Eucharistic fellowship was the principal sign of community;...Christian unity was sustained by the Spirit.' Die Heilige Gees is die ware teken van ons koinonia in Christus (bl 18). Tillard (bl 64-76) bou voort op die gedagte van eenheid in diversiteit. Diversiteit is belangrik, want dit kan lei tot wedersydse erkenning en aanvaarding asook wedersydse verryking (kyk ook bl 7). Maar soos wat God Homself met die mensdom in Christus versoen het, so bring die Gees mense bymekaar om met mekaar versoen te word: 'It is impossible to be reconciled with God *en Christo*, without reconciliation with others' (bl 69). Die Gees versoen deur gemeenskap en koinonia te skep: 'Clearly, then, the Spirit incorporates communities and persons into the unity of the *en Christo*; that is his own special work. He would not be the divine agent of reconciliation if he did not unite. That unity, however, is one of communion, ministry, one communal koinonia, the central act of which is the eucharist, and the expression par excellence of solidarity with the needs of the weakest' (bl 74). Die Heilige Gees is dus 'n Gees van eenheid (bl 24, 93).

## DIE GEES AS AGENT VIR BETROKKENHEID IN DIE KOSMOS

Schweizer (bl 47) het, op grond van Ou- en Nuwe-Testamentiese gegewens, aangetoon dat die Gees die kreatiewe krag van God is. Dit is die mees belangrike funksie van die

Gees. Hierdie krag is werksaam waar die 'nuwe skepping' in die gemeenskap van Christus tot stand gekom het. Maar hierdie 'nuwe skepping' of 'nuwe wêreld', wat die Gees tot stand bring, word heel konkreet verstaan. Volgens Lemopoulos (bl 6) bring die Gees die probleme van die wêreld onder die aandag van die kerke. Die Gees bring, volgens Moltmann (bl 35) die kerk om sigself na die kosmos te keer, want die 'ekologiese krisis' is ook die krisis van die kerk, want as 'vlees en bloed' sal die kerk ook verwoes word as die aarde verwoes word. Daarom staan die Gees die kerk by in die skepping van die 'nuwe wêreld' – 'n verbeterde wêreld. Die Gees bevry van sonde, maar die bevryding het ook 'n kosmologiese dimensie (bl 92): 'This liberation has also cosmic dimentions since sin alienates human beings from their true nature or rather conditions social, political and economic structures and the life of the whole of God's creation. Today, we discern a great anxiety about the survival of life on this planet.' Die Heilige Gees as *Spiritus Liberator* is volgens Rosato (bl 26) verantwoordelik daarvoor dat Christene sal besef dat hulle 'n verantwoordelikheid het om morele waardes in die wêreld uit te leef. Hierdie waardes word egter in sosio-ekonomiese terme omskryf (bl 26). Sodoende word die Heilige Gees verbind met sosiale aksie en as Christelike *motivering* vir sosiale aksie om die wêreld op sosiaal-maatskaplike, ekonomiese, ekologiese en politieke gebied te verander en te verbeter. Die Gees staan die mens veral by in sy stryd teen instansies, instellings en strukture wat mag misbruik en mens, dier en natuur uitbuit, onderdruk en eksploiteer (bl 17).

## DIE GEES AS GAWE VAN DIE ONDERSKEIDING VAN DIE GEESTE IN DIE ANDER GODSDIENSTE

Die gebruik van die term 'onderskeiding van die geeste' word deur Ukpong (bl 79) omskryf. Hy neem 1 Korintiërs 12:10 as uitgangspunt waar die gawe van onderskeiding gesien word as 'n gawe van die Heilige Gees aan die kerk om die waarheid van die inspirasie te kan uitken. Verder gebruik hy hierdie begrip ook om die regte beslissings ooreenkomstig die wil van God uit te druk. Ukpong gaan voort: 'But it goes beyond these to include recognizing God's actions *in the world at large*' (bl 79; my kursivering). Hierdie verbreding van die konsep 'onderskeiding van die Gees' maak dit vir Ukpong moontlik om die verskuiwing, wat in die kommunistiese regimes plaasgevind het tot die erkenning van godsdiensvryheid, as manifestasies van God se teenwoordigheid, waar te neem (bl 83). Dit word verder selfs moontlik om, terwyl die uniekheid van die geboorte, lewe,

dood en opstanding van Jesus steeds erken word, God se kreatiewe werk in die soeke na die waarheid onder mense van ander gelowe, raak te sien (bl 84). Dit is veral Samartha wat dieper ingaan op die tema van die Heilige Gees en die mense van ander gelowe (bl 50-63). Die kwessie waaroor dit gaan is of die Gees slegs in en deur die kerk werk, en of die teenwoordigheid van God in bewegings buite die volk van God onderskei sou kon word (bl 51). Uit vrees vir sinkretisme en relativisme, en ook omdat dit 'n hoogs kontroversiële saak is, is daar nog nie werklik antwoorde gevind nie. Die erkenning van godsdienstige pluralisme beteken egter nie dat die *Waarheid* gereiativeer word nie: 'It (pluralisme – E J V) relativizes different *responses* to Truth which are conditioned by history and culture. It rejects the claim of any particular response to be absolute. Those who accept the fact of plurality do not surrender their critical ability, based on their commitment to the absolute through the relative, to judge and reject demonic elements, either religious or ideological (bl 53). Samartha vra waarom dit moeilik is om te erken dat die Heilige Gees teenwoordig kan wees in religieuse gemeenskappe waar die bestaan van God vir baie eeue al erken word, in sommige gevalle selfs al veel vroeër as in die Christendom. Vandag behoort ons veel meer sensitief te wees vir die moontlike tekens van die Gees in die lewens van ons naaste van die ander gelowe, in die wêreld buite die sigbare grense van die kerk (bl 58). Die rede hiervoor is onder andere dat die Heilige Gees vry en spontaan werk: 'The Spirit knows no limits, no boundaries' (bl 58). Dit gebeur selde dat mense van verskillende gelowe spontaan saam aanbid. Daar is egter baie Christene wat op só 'n wyse optree dat hulle diens lewer in probleem-situasies waardeur die merktekens van die Gees sigbaar word in hulle dade van medelye, diens en opoffering. As soortgelyke dade deur mense van ander gelowe uitgevoer word, vra Samartha, is daar dan werklik teologiese redes om die teenwoordigheid van God te ontken? Vir 'n Christen is die enigste manier om in God te wees om in Christus te wees, maar in 'n religieuse pluralistiese wêreld is om in Christus te wees nie die enigste manier om in God te wees nie. Dit is derhalwe vir Samartha (bl 59) nie 'n geval van *of* die Gees aan die werk is in mense van ander gelowe nie, maar 'n geval van *hoe* om die teenwoordigheid en werk van die Gees *uit te ken*, buite die grense van die kerk in die wêreld. Ons moet die Gees *uitken* en nie wil probeer inperk of *beheer* nie (bl 60). Die Gees is uitkenbaar in die mense van ander gelowe op dieselfde wyse as in Christene, naamlik: daar waar die vrug van die Gees (Gal 5:22) gevind word (bl 60).

## ENKELE WAARNEMINGS

In Suid-Afrika sal die debat oor die eenheid en diversiteit tussen volkere, kulture, tale en godsdienste altyd aktueel bly. Daarom is dit die moeite werd om, veral met die oog op die Suid-Afrikaanse situasie, deeglik kennis te neem van die debat in die Wêreldraad van Kerke oor die Heilige Gees as beginsel van eenheid. Ook die debat oor die betrokkenheid van die Christen by die kosmos verdien aandag. Tereg word daarop gewys dat die Christen 'n morele verpligting het ten opsigte van die wêreld waarin hy/sy leef, op 'n breëre vlak as slegs 'n persoonlik-religieuse. Oor die wyse van die betrokkenheid kan daar egter skerp meningsverskille bestaan. In die Suid-Afrikaanse konteks was die Christene tot nou toe nog nie werklik skerp blootgestel aan die debat oor die teenwoordigheid van God en die Gees in die ander godsdienste nie. Die rede is dat die Christelike waardes in 'n sogenaamde 'Christelike land' van owerheidsweë konstitusioneel beskerm is. Hierdie toedrag van sake is egter vinnig besig om te verander. Omdat die Christene toenemend deur die religieuse diversiteit gekonfronteer gaan word, is dit noodsaaklik om rekening te hou met die debat oor die Heilige Gees en sy vermeende teenwoordigheid in die ander godsdienste. Enkele vrae dring sigself op: Terwyl die meeste bydraers daarop aandring om sosiaal betrokke te raak, is dit opvallend en verbasend hoe *min* daar van die VIGS-krisis gemaak word. Hierdie saak word alleen in 'n terloopse opmerking vermeld: 'The neglect of the ever growing number of woman and children suffering from AIDS is a scandal' (bl 101). Omdat VIGS ook morele implikasies het, sou dit ook tuishoort by die refleksies oor die Heilige Gees. Verder, ten opsigte van die onderskeiding van die geeste, kan toegegee word dat die Gees nie beheer kan word nie. Maar, kan die pneumatologie werklik heeltemal losgemaak word van die Christologie? Schweizer (bl 47), een van die bydraers, meen: 'Everywhere the Spirit is linked with Jesus. In him the first disciples discern the inbreaking of the Spirit' (kyk ook bl 88). Verder word in dieselfde konteks waarin daar sprake is van die onderskeiding van die geeste (1 Kor 12:10), na die belydenis 'Jesus is Here' (1 Kor 12:3) verwys as toets vir die Gees. Daarom sou daar toegegee kon word dat dit wel *moontlik* is vir die Gees om in mense van ander gelowe teenwoordig te wees en te werk, maar vir 'n *Christen* bly dit steeds *moeilik* om dit buite Christus om te begryp. Hoewel die pneumatologie van die Wêreldraad van Kerke in baie opsigte vreemd is aan die reformatoriese tradisie, is dit steeds die moeite werd en noodsaaklik om mee in debat te tree. Daarom word *To the*

*wind of God's Spirit* aanbeveel vir almal wat oor die Heilige Gees nadink.

---

Helberg, J L 1990 – Die verbondsvolk se verhouding tot sy land

Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. 165 bladsye. Prys R10.00

Resensent: Prof W Vosloo

INLEIDING

Met hierdie publikasie het professor Helberg daarin geslaag om die belangrikheid van die tema van die land in die Ou Testament weer skerp op die voorgrond te bring. Die skywer sê die doel van die studie is om te 'bepaal watter lig die boodskap van die profete in die tyd rondom die wegvoering van 'n deel van Israel (Juda) se bevolking in ballingskap werp op die verhouding volk-land in die Ou-Testamentiese godsdiens'. Die navorsing is verder ook beperk tot die profetiese boeke Jesaja, Jeremia en Esegiël, asook die Klaagliedereboek.

INHOUD

In die eerste hoofstuk is daar 'n handige oorsig van publikasies wat in die jongste tyd oor die onderwerp verskyn het. Besondere aandag word gegee aan die standpunt van Bruggemann.

Hoofstuk twee dra die titel 'Oorsig oor die verbouding van die verbondsvolk tot sy land in die Ou Testament in die algemeen'. Daaronder bespreek die skrywer die begrippe 'land' en 'volk/nasie', die 'plek en betekenis van die land', die 'land as geskenk', die betekenis van die belofte, verkiesing, verbond, Tora en vreemdelingskap, asook die land in die Deuteronomiumboek. Hy beklemtoon die sentrale plek van die land in Deuteronomium, maar is van mening dat Von Rad die voorwaardelike karakter van die besit van die land oorbeklemtoon. Alhoewel die klem op die innerlike gesindheid val, is die toekomsvisie gerig op konkrete materiële gawes – die lewe in die land – en die Gewer daarvan.

In hoofstuk drie word die tema van volk en land bespreek na aanleiding van Jesaja, Jeremia, Esegiël en Klaagliedere. Hy meen die benaming 'Israel' hou nie verband met territoriale, politieke of ideologiese aanduidings nie. Israel is daar 'waar die Ou Testament as Woord van God gehoor word en waar die mens aan Hom behoort'. Nogtans is land en volk onafskeidbaar aan mekaar verbind omdat dit die persoonlike verhouding tussen Jahwe en Israel beklemtoon. Die land is egter nie onafskeidbaar met Jahwe verbind nie, omdat Hy nie 'n natuurgod is nie. Daarom is die land nie as 'n 'heilige land' gesien nie. Die doel was nie dat Israel die land as be-

sitting verkry nie, maar dat hulle daar in gemeeenskap met Jahwe sou lewe, wat beteken dat hulle Jahwe se gebooie moes onderhou en sy vaderlike sorg moes ervaar. Daarin slaag Israel nie en verloor gevolglik die land, veral as gevolg van hulle afgodery. Hulle ervaar die ballingskap as die einde van die skepping en die heilsgeskiedenis, nie weens die verlies aan die land nie, maar weens die verbreking van die verbondsverhouding.

Rondom die behoud en verlies van die land is daar ook enkele kontraste: Alhoewel die ballingskap ook voortspruit uit die mislukking van die koningskap, word daar tog 'n nuwe koning in die toekoms verwag. Daar is godsprake teen die nasies, maar tog is hulle somtyds God se instrumente. Die noue band tussen land en stad en tempel hang saam met Jahwe se teenwoordigheid, maar lei tot wanopvattings oor sy teenwoordigheid. Terwyl verblyf in die land die vergestalting van Jahwe se beloftes is, hou die terugkeer verband met die verbond en verkiesing. Nie alleen die onderhouding van die Tora hou verband met die woon in die land of die verlies van die land nie, maar ook die feit dat Jahwe die Skeppergod is. Ander sake wat die skrywer bespreek, is die herverkryging van die land, God se verbondenheid aan en vryheid ten opsigte van die land, en die land as openbaringsmiddel oor God self.

In hoofstuk vier gee die skrywer aandag aan die land en die Nuwe-Testamentiese tyd. Aan die hand van sy tema bespreek hy Jesus se geboorte, optrede en verkondiging, en met name die Nagmaal. Op soortgelyke wyse word Handelinge, die Briewe, Hebreërs en Openbaring behandel, asook Jerusalem en die tempel, die een Godsvolk en 'n eskatologiese perspektief.

Hoofstuk vyf is 'n bespreking van die implikasies van die Godsvolk se verhouding tot die land vir vandag. Hy meen dit hou implikasies in op kerklike, staatkundige, maatskaplike, kosmiese en eskatologiese terrein. Gevolglik raak hy sake aan soos die veelvolkigheid van Suid-Afrika, kerk en staat, die volkskerkgedagte, die kwessie van gemeente of kerke, die Brits-Israel-beweging, verstedeliking, sosiale probleme en die ekologie.

## BEOORDELING

Die boek is veel meer as net 'n monograaf oor die tema 'volk-land'. 'Verbondsvolk' en 'land' funksioneer as 'n sentrale konsep van waaruit die teologie van Israel in 'n bepaalde tydvak (rondom die ballingskap) en na aanleiding van spesifieke boeke beskryf word. Dit beteken dat die skrywer 'n groot verskeidenheid onderwerpe wat op een of ander wyse met die land verband hou, in hierdie boek aan die orde stel.

Die skrywer het 'n belangrike perspektief op die Ou-Testamentiese teologie geopen. Alhoewel daar reeds 'n hele aantal werke is wat oor die land handel, bied hierdie werk 'n eiesoortige invalshoek deurdat dit 'land' en 'verbondsvolk' koppel. Voorts kry 'volk' en 'land' 'n nuwe betekenis wanneer die tema via die Nuwe Testament deurgetrek word tot by vandag. Daardeur word Ou-Testamentiese lig gewerp op verskeie aktuele sake soos 'staat-kerk-verhouding' en 'ekologie'.

Die keuse van die tydperk rondom die verlies van die land met die ballingskap, bied die beste geleentheid om binne 'n beperkte bestek die maksimum raakpunte met ander onderwerpe in die Ou Testament aan te sny. Dit is 'n goeie keuse, juis omdat dit die tyd was toe opvattings oor die twee sake 'verbondsvolk' en 'land' 'n groot krisis beleef het. Tog is dit jammer dat die skrywer hom tot hierdie tydvak beperk. By die deurlees van die boek duik die vraag telkemale op na die siening van hierdie tema en die funksie daarvan in ander tydperke.

Die ander beperking, naamlik dat die tema net vanuit die drie groot profete en Klaagliedere behandel word, hou ook bepaalde nadele in. As voorbeeld kan gevra word of dit hoegenaamd moontlik is om oor land en volk in die Ou Testament te praat sonder om die ervaring van die Noordryk, en gevolglik die visie van byvoorbeeld 'n boek soos Hosea (waar verbondsvolk en land so 'n groot rol speel) in ag te neem? Die navorsing sou grootliks aan waarde wen indien dit uitgebrei sou kon word om 'n wyer Ou-Testamentiese panorama te oorskou.

'n Ander nadeel in die beperking van so 'n deursnit in 'n bepaalde tydsgewrig, is dat daar nie genoeg aandag aan die historiese ontwikkeling van die tema in oud-Israel gegee kan word nie.

Die verskillende afdelings van hoofstuk twee word telkens met 'n 'samevatting' afgesluit, terwyl hoofstuk drie in sy geheel met 'n baie deeglike 'samevatting en konklusie' afgerond word. Dit is 'n winspunt omdat dit die skrywer se standpunt duidelik uitlig. Dit geld veral van hoofstuk twee waar talle ander outeurs se menings bespreek word.

Dit is jammer dat die wyse waarop die tema ontplooi word, die gevaar van herhaling inhou, soos byvoorbeeld op bladsye 97 en 101. Verder ontstaan verskeie kritiese vrae, soos, Kan 'n mens werklik so 'n direkte lyn trek tussen Hosea 11:1 en Matteus 2:15 (*uit Egipte het Ek my Seun geroep*), of moet daar veel meer ruimte gelaat word vir herinterpretasie binne 'n nuwe konteks (bl 119). Kan die *Ruah Jahwe* ongenuanseerd as sinoniem vir die Heilige Gees beskou word (bl 126)?

Oor die algemeen is die werk egter goed versorg. Enkele druk-/spelfoute het tog deurgeglip soos op bladsye 4, 5, 16, 17 [Heksateu*ch*], 31, 103 en 126.

'Verbondsvolk' en 'land' is sonder twyfel belangrike temas in die Ou Testament. Hierdie boek slaag daarin om dit as 'n sleutel tot die verstaan van die Ou Testament teologie voor te hou. Ten spyte van die beperktheid weens die keuse van tydperk en Bybelboeke kan die werk aanbeveel word as 'n belangrike toevoeging tot ons kennis van die Ou Testament. Dit verdien om gelees te word.